# Die GROOTSTE Geskenk

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS

*Joernaal*

*DIE GROOTSTE GESKENK*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Die Grootste Geskenk* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


001 WELKOM
002 HULPBRONNE
003 LOVE GOD GREATLY
004 SOAP STUDIE
007 GETUIENIS
009 INLEIDING
010 LEESPLAN
013 JOU DOELWITTE
014 WEEK 1
039 WEEK 2
064 WEEK 3
089 WEEK 4
115 WEEK 5
140 WEEK 6
165 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: “Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos ‘n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.” (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien.  Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

*Love God Greatly* (LGG) is 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

## MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander...Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*


*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

## **A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*



*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

## **P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# GETUIENIS

## LORI, LGG BENGAALSE TAK

Nadat ek die Here aangeneem het, het God ‘n begeerte in my geplaas om sendingwerk te doen, maar dit het nie dadelik gebeur nie. Ek het nie besef dat God die hele tyd besig was om my lewe in daardie rigting te stuur nie, selfs toe dinge binne en buite my beheer baie vertragings veroorsaak het. Ek het baie internasionale vriende gemaak en dikwels vir verskillende dele van die wêreld gebid. Ek het egter steeds gewag dat God vir my ‘n spesifieke internasionale sendingveld moes gee.

*Hoe kan ek vir hierdie tak bid?*

Lori se man, Wadud, is tans die enigste vertaler vir die Bengaalse tak. Bid dat die Bengaalse tak sal groei, en bid vir Lori en Wadud met die voortsetting van die vertaalwerk.

Uiteindelik het God my in aanraking gebring met ‘n man van Bangladesj. Hy was voorheen ‘n Moslem en het Christus al vir omtrent tien jaar gevolg. Hy is deur baie, sy ouers inkluis, verwerp. Hy is opgelei en het evangelisasiewerk gedoen deur ‘n organisasie met die naam Cru en was aktief in baie universiteite en kolleges in Bangladesj. Sy passie waarmee hy die Here gedien het, het my diep ontroer. Ons het saam begin bid en deur sosiale media saam Bybelstudies gedoen. In die proses het ons baie vir mekaar begin omgee en geweet dat ons God saam moet dien, soos die Here op ‘n goddelike wyse aan ons geopenbaar het!

Deur geloofstappe het ek Bangladesj toe gekom en is ons getroud! Nou leef ons om die Here te dien, saam hier in Bangladesj tot verheerliking van die Here! Loof God vir sy leiding en al sy kosbare beloftes aan ons!

God het my deur die YouVersion Bybeldagstukkies by Love God Greatly uitgebring. Ek het ontdek dat dié studies in meer as 35 tale vertaal word, en was in ekstase! Dit was wonderlike nuus! Nou werk ek saam met die Love God Greatly Bengaalse span om hierdie studies, waar dit so broodnodig is, in die Bengaalse taal beskikbaar te maak.

Ons bid dat baie vroue in Bangladesj deur Bybelstudie ‘n nuwe passie en liefde vir God en sy Woord sal ontdek!

*Lori*

***Om met hierdie tak in aanraking te kom:***

- lggbengali@gmail.com

As jy weet van iemand vir wie ons Love God Greatly Bybelstudies in die Bengaalse taal betekenisvol kan wees, vertel hulle asseblief van al die wonderlike Bybelstudiebronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord toe te rus!

# DIE GROOTSTE GESKENK

*Kom ons begin*

# INLEIDING
## DIE GROOTSTE GESKENK

Wanneer ons ‘n anonieme geskenk ontvang, mag dit dalk opwindend en aangenaam wees, maar die rede waarom ons dit ontvang het, ontbreek. Wanneer ons beste vriendin vir ons ‘n geskenk gee, weet ons dat dit uit liefde vir ons, kennis van ons en omgee vir ons gedoen is. Afhangende van wie jy die geskenk ontvang het, dra dit ‘n sekere betekenis.

God is die Een wat vir ons elke volmaakte geskenk gee. Nie net het Hy vir ons Jesus, sy enigste Seun, as die grootste geskenk in die geskiedenis gegee nie, Hy bied ook daagliks aan ons geskenke. Hy is goedheid self, en weerhou niks goeds van ons nie, want Hy alleen is goed. Jesus Christus is die grootste geskenk wat die enigste goeie Gewer aan ons gegee het, maar Hy is nie die enigste geskenk wat ons van God ontvang het nie!

**HOOP**. God belowe dat ons hoop, wanneer ons dit in Jesus plaas, ons nooit sal teleurstel nie. Ons het hoop in die beloftes wat God ons gee asook hoop in ons komende verlossing. Ons kan God prys vir die gawe van hoop, omdat ons daarin sy getrouheid sien.

**GELOOF**. Geloof dien ‘n doel, en daarsonder kan ons God nie behaag nie. Maar geloof is ‘n gawe wat deur Jesus aan ons gegee word. Deur geloof werk die Heilige Gees in ons om ons meer soos Christus te maak en om ons te beskerm teen die aanvalle van die vyand.

**VREUGDE**. Afgesien van Christus, kan ons nooit ware blywende vreugde hê nie. Hy alleen is die bron van vreugde, en Hy gee ons elke dag vreugde terwyl ons saam met Hom wandel. Deur Christus alleen kan ons vreugde hê, ongeag ons omstandighede.

**VREDE**. Jesus Christus is die Vredevors. In Hom het ons vrede in ons harte en gedagtes, omdat Hy elke stryd reeds gewen het. Hy gaan voor ons uit en sal ons nooit verlaat nie.

Terwyl ons vashou aan die Gewer en die gawes wat Hy ons bied, kan ons ‘n lewe van ware dankbaarheid teenoor Hom leef. Soos ons die ongelooflike gawes wat ons in Christus het bestudeer, kan ons God aanbid en Hom prys vir wie Hy is en wat Hy gedoen het. Hy is die enigste geskenk wat ons nodig het, en Hy is die grootste geskenk wat aan ons gegee is en ooit gegee sal word.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1: DIE GEWER

Maandag: Goedheid Self
Lees: Psalm 34:9; Psalm 84; Markus 10:18
SOAP: Psalm 84:12

Dinsdag: Die Gawe van God
Lees: Johannes 3:16; Romeine 6:23; Efesiërs 2:8
SOAP: Efesiërs 2:8

Woensdag: Elke Volmaakte Geskenk
Lees: Lukas 11:1–13; Jakobus 1:17
SOAP: Jakobus 1:17

Donderdag: Gebruik Jou Gawes
Lees: 1 Korintiërs 12; 1 Petrus 4:10–11
SOAP: 1 Petrus 4:10–11

Vrydag: Aan Sy Liefde Is Daar Geen Einde Nie
Lees: Psalm 136
SOAP: Psalm 136:26

## WEEK 2: 'N LEWE VAN DANKBAARHEID

Maandag: Dank die Here
Lees: Psalm 107
SOAP: Psalm 107:21–22

Dinsdag: Dankbaarheid vir Gawes
Lees: Filippense 4:10–20
SOAP: Filippense 4:18–19

Woensdag: Gee uit Dankbaarheid
Lees: Lukas 6:37–38; 2 Korintiërs 9
SOAP: 2 Korintiërs 9:7–8

Donderdag: Wees In Alle Omstandighede Dankbaar
Lees: Efesiërs 5:15–20; 1 Tessalonisense 5:16–18
SOAP: 1 Tessalonisense 5:16–18

Vrydag: Die Here is Goed
Lees: Psalm 100
SOAP: Psalm 100:1–5

## WEEK 3: DIE GAWE VAN HOOP.

Maandag: Hoop in God se Liefde
Lees: Romeine 5:1–11
SOAP: Romeine 5:3–5

Dinsdag: Hoop in die Belofte
Lees: Hebreërs 10:19–25
SOAP: Hebreërs 10:23

Woensdag: Hoop in Christus
Lees: Romeine 15:7–13
SOAP: Romeine 15:13

Donderdag: Hoop in Verlossing
Lees: Romeine 8:18–25
SOAP: Romeine 8:24–25

Vrydag: Prys Sy Trou
Lees: Psalm 105
SOAP: Psalm 105:42–43

## WEEK 4: DIE GAWE VAN GELOOF

Maandag: Die Doel van Geloof
Lees: Hebreërs 11
SOAP: Hebreërs 11:1, 6

Dinsdag: Die Belofte van Geloof
Lees: Matteus 17:14–20; 21:18–22
SOAP: Matteus 21:21–22

Woensdag: Die Resultaat van Geloof
Lees: Matteus 15:21–28; Lukas 8:42–48
SOAP: Matteus 15:28; Lukas 8:48

Donderdag: Die Beskerming van Geloof
Lees: Efesiërs 6:10–20
SOAP: Efesiërs 6:16

Vrydag: Prys Sy Geduld
Lees: Psalm 103
SOAP: Psalm 103:8–10

## WEEK 5: DIE GAWE VAN VREUGDE

Maandag: Vreugde in Sy Teenwoordigheid
Lees: Psalm 16
SOAP: Psalm 16:11

Dinsdag: Vreugde in Beproewings
Lees: Filippense 1; Jakobus 1:2–4
SOAP: Jakobus 1:2–4

Woensdag: Vreugde in Aanbidding
Lees: Psalm 30
SOAP: Psalm 30:12-13

Donderdag: Vreugde in die Belofte
Lees: Johannes 16:19–24
SOAP: Johannes 16:22

Vrydag: Lofpsalm van Vreugde
Lees: Psalm 147
SOAP: Psalm 147:1

## WEEK 6: DIE GAWE VAN VREDE

Maandag: Vrede in jou Hart
Lees: Kolossense 3:12–17
SOAP: Kolossense 3:15

Dinsdag: Vrede in jou Gedagtes
Lees: Filippense 4:2–9
SOAP: Filippense 4:6–8

Woensdag: Vrede in jou Omstandighede
Lees: Jesaja 26:3; 2 Korintiërs 1:3–11
SOAP: Jesaja 26:3

Donderdag: Vrede in jou Toekoms
Lees: Jesaja 9:6; Johannes 14:27–31
SOAP: Johannes 14:27

Vrydag: Prys die Here!
Lees: Psalm 113; Lukas 1:46–55
SOAP: Psalm 113:1–2

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.*

**JAKOBUS 1:17**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Maak hierdie week 'n volledige lys van die geskenke wat God jou gegee het. Hou in gedagte dat sommige van hierdie geskenke moontlik nie is wat jy verwag nie. Prys Hom vir elkeen van hierdie geskenke.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Psalm 34:9*

Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.

*Psalm 84*

Vir die koorleier: met musiek. Van die Koragiete. 'n Psalm.

2 Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige! 3 Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God. 4 Selfs 'n mossie het 'n nes en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies daar by u altare, Here, Almagtige, my Koning en my God! 5 Dit gaan goed met die mense vir wie u huis 'n tuiste is: hulle hou nie op om U te prys nie. (Sela) 6 Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel toe gaan. 7 Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge bring. 8 Keer op keer ontvang hulle nuwe krag totdat hulle voor God in Sion verskyn. 9 Here, almagtige God, hoor my gebed, luister tog, God van Jakob! (Sela) 10 Sien tog om na die koning, ons beskermer, o God; hou u gesalfde onder u sorg. 11 Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God. 12 Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie. 13 Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!

*Markus 10:18*

Daarop sê Jesus vir hom: "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe God alleen."

# MAANDAG

LEES:
*Psalm 34:9; Psalm 84; Markus 10:18*

SOAP:
*Psalm 84:12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Psalm 84:12*

*Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie.*

**OORDENKING**

Het jy al ooit 'n absoluut perfekte geskenk ontvang? Iets wat presies was waarop jy gehoop het, waarvoor jy geskimp het, waaroor jy gedroom het, en nou is dit joune. Dalk was dit kunstig toegedraai en aangebied op 'n manier wat jou laat besef het dit is sonder twyfel baie besonder. Wat dit nog meer spesiaal gemaak het, was dat die persoon van wie jy dit ontvang het, tyd geneem het om noukeurig aandag te skenk aan wat jy graag wou hê. Hulle het geweet waarvan jy hou en het tyd en geld opgeoffer om seker te maak dat jy daardie geskenk ontvang. Daardie geskenk het jou geliefd en gewaardeer laat voel.

Hoewel die geskenke wat God ons skenk nie toegedraai is met strikkies en mooi papier nie, is dit soveel meer werd as enigiets wat ons ooit onder die kersboom sal vind. God se geskenke vir ons is nie net dinge wat ons graag wil hê nie, dis die sielsbevredigende, ewige, liefdevolle geskenke wat God weet ons nodig het.

God se geskenke aan sy kinders is goed, want Hy is goedheid. Psalm 34:9 gee vir ons die opdrag om "te kom ondervind en self te sien dat die HERE goed is", en in Markus 10:18 sê Jesus vir ons dat "Niemand goed is behalwe God alleen nie". Terwyl ons hierdie Kerstyd spandeer om die goeie geskenke wat die Vader ons bied, oop te maak, mag ons harte oop wees om geskenke te ontvang wat soveel meer is as wat ons wil hê, maar presies wat ons nodig het.

**GEBED**

Vader, U alleen is goed en ek is so geëerd om die goeie en volmaakte geskenke te ontvang wat U weet ek nodig het. Dankie dat U my beskermer, my skuiling en my krag is. Mag my hele wese juig van vreugde terwyl ek U - my grootste geskenk - met die mense om my deel. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Johannes 3:16*
God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

*Romeine 6:23*
Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

*Efesiërs 2:8*
Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God.

# DINSDAG

LEES:
*Johannes 3:16; Romeine 6:23; Efesiërs 2:8*

SOAP:
*Efesiërs 2:8*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Efesiërs 2:8*

*Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.*

**OORDENKING**

Elke somer neem ons 'n paar weke om deur ons huis te gaan, opsoek na ongebruikte items of items wat ons nie meer wil hê nie, wat ons kan skenk of by 'n wit-olifant-verkoping kan verkoop. Daar is skoene wat nie meer pas nie, bekers wat lankal hul deksels verloor het, die geskenk van 'n verlangse tannie wat sy duidelik by iemand anders gekry het en nou neem dit net ruimte in jou motorhuis op. Ons voeg ook onvermydelik 'n paar items by die stapel wat net 'n paar maande gelede op ons "moes hê"-lys vir verjaarsdae of Kersfees was.

Die item was presies wat ons gedink het ons wil hê, maar die werklikheid daarvan was nie so perfek as wat ons gehoop het nie. Die speelding het vir 'n paar minute genot verskaf, maar dit is vinnig vervang deur iets anders. Die toestel wat ons gedink het ons net moes hê het te veel plek in ons kaste opgeneem, en was boonop moeiliker om te gebruik as wat ons ooit gedink het. Dinge met 'n enorme waarde en potensiaal het net nooit aan ons verwagtinge voldoen nie, en nou was hulle op 'n hoop om 'n nuwe tuiste te vind.

Geen geskenk wat ons ooit op hierdie aarde kan ontvang sal vir ewig bestaan nie. Dit sal verslete raak, die batterye sal pap word, dit kan breek of vervang word deur iets nuuts en opwindends. Dit beteken nie dat ons nie geskenke moet koop vir diegene vir wie ons lief is nie, of dat ons nie 'n geskenk mag ontvang nie (dit is een van my beste liefdestale), maar dit help ons om ons verwagtinge in perspektief te plaas.

Die grootste geskenk wat ons ooit kon ontvang, sal ons nooit in die steek laat of vervaag nie. Die gawe van God vir alle mense is redding deur sy Seun, Jesus Christus. Dit is vrylik gegee, beskikbaar vir almal, en bied aan ons 'n plek by God vir ewig. Hoe kan jy hierdie geskenk met iemand in hierdie Kersseisoen deel?

**GEBED**

Here, dankie vir die grootste geskenk wat U my ooit kon gee - die gawe van verlossing deur U Seun. Wys asseblief vir my die mense in my lewe wat nog nie bewus is van hierdie geskenk nie, en gee vir my geleenthede om die vreugde wat ek in U het, met hulle te deel. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Lukas 11:1-13*
Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy
dissipels vir Hom: "Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het."
2 En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê dan: "Vader, laat u Naam geheilig
word; laat u koninkryk kom. 3 Gee ons elke dag ons daaglike brood; 4 en vergeef
ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree; en laat ons
nie in versoeking kom nie." 5 Verder sê Hy vir hulle: "Sê nou een van julle het
'n vriend, en jy gaan in die middel van die nag na hom toe en jy vra: 'Vriend,
leen my bietjie drie brode, 6 want 'n vriend van my wat op reis is, het by my
aangekom, en ek het niks om vir hom voor te sit nie.' 7 En die ander antwoord
van binne af: 'Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit, en ek en my
kinders is al in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te geen nie ...' 8 Ek sê
vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy
tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan
te hou vra nie. 9 "Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal
kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. 10 Elkeen wat vra, ontvang en elkeen
wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. 11 Is daar 'n pa onder
julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die
vis? 12 Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? 12 As julle wat sleg is,
dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie
meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."

*Jakobus 1:17*
Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.

# WOENSDAG

LEES:
*Lukas 11:1–13; Jakobus 1:17*

SOAP:
*Jakobus 1:17*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Jakobus 1:17*

*"Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie."*

**OORDENKING**

In ons Skrifgedeelte vir vandag moedig beide Jesus en Jakobus ons aan om met ons diepste behoeftes tot God te nader en te glo dat Hy met goeie en volmaakte gawes sal reageer, omdat God goed is, en omdat sy karakter nie verander wanneer ons omstandighede verander nie.

Die vroeë Christelike kerk aan wie Jakobus geskryf het, was versprei weens vervolging. In sy brief herinner hy hulle daaraan dat, as hulle deur allerhande beproewinge styf vashou aan hulle geloof, dit volharding sal meebring. Diegene wat God vir wysheid gevra het, moes met vertroue vra, met geloof wat nie wankel of twyfel nie.

In Lukas lees ons dat Jesus se dissipels Hom gevra het om hulle te leer bid. Jesus bied hulle nie net 'n model gebed nie, maar ook 'n blik op die aard en karakter van God. Jesus het vir hulle gesê: "Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word." (Lukas 11:9). Ons Vader is lief vir sy kinders, en alhoewel Hy reeds alles van ons weet, wil Hy hê dat ons Hom sal nader en vra vir gawes wat strook met sy wil en wat sy koninkryk sal bevorder.

As jou gebede nie beantwoord is soos jy dit wou hê nie, vertrou en glo dat God slegs geskenke gee wat strook met sy karakter - en Hy is goed. Hy wil die beste vir jou hê. Jakobus noem God "die Een wat die hemelligte geskep het." Mag elke kersliggie wat jy sien gedurende hierdie kerstyd jou herinner daaraan dat God se weë beter is as jou weë, dat Hy onveranderlik is en dat Hy jou so lief het dat Hy jou niks anders kan gee as die die beste - selfs al is dit nie wat jy verwag het nie.

**GEBED**

Here, dankie dat U my genooi het om in gebed na U te kom met die diepste begeertes van my hart, die plekke waar ek swak en magteloos voel en u voorsiening nodig het. Terwyl ek kersliggies ophang of na my bure s'n kyk, mag ek daaraan herinner word dat alle goeie en volmaakte geskenke van U afkomstig is en dat U my liefhet. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *1 Korintiërs 12*

Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees. 2 Julle weet dat, toe julle
nog heidene was, julle blindelings na die stom afgode meegevoer is. 3 Daarom wil ek hê julle moet weet
dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: "Jesus is
die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees. 4 Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is
dieselfde Gees wat dit gee; 5 daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die
opdrag gee; 6 daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal
tot stand bring. 7 Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. 8
Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord
van kennis deur dieselfde Gees; 9 aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van
gesondmaking deur die één Gees. 10 Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die
gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy
die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê. 11 Maar al hierdie dinge
is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil. 12 Net soos
die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so
is dit ook met die liggaam van Christus. 13 Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met
die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.
14 Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. 15 As die voet sou sê: "Omdat ek nie 'n
hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te
wees nie. 16 En as die oor sou sê: "Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy
om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. 17 As die hele liggaam oog was, hoe sou
hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? 18 Maar nou het God die lede, elkeen
van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. 19 As almal saam net een lid was, hoe sou
daar 'n liggaam kon wees? 20 Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam. 21 Die oog kan nie vir die
hand sê: "Ek het jou nie nodig nie." Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle nie nodig nie." 22
Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, 23 en dié wat vir ons
minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak, 24
terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee
het aan die lid wat eer kortkom, 25 sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die
lede gelyke sorg vir mekaar dra. 26 As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede
saam bly.

27 Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. 28 En in die kerk is daar mense
aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars;
verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te
maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik. 29 Is almal miskien
apostels? Is almal profete? Is almal leraars? Kan almal miskien wonders doen? 30 Het almal die genadegawes
om mense gesond te maak? Of gebruik almal miskien ongewone tale of klanke en kan almal dit uitlê? 31 Lê
julle toe op die beste genadegawes.

## *1 Petrus 4:10-11*

As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang
het, die ander dien. 11 As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord
kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God
in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid!
Amen.

# DONDERDAG

LEES:
*1 Korintiërs 12; 1 Petrus 4:10–11*

SOAP:
*1 Petrus 4:10–11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*1 Petrus 4:10–11*

*As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.*

**OORDENKING**

Wat gebeur op Kersoggend wanneer broers en susters of neefs en niggies bymekaar kom om geskenke oop te maak? Soms is dit totale chaos, en niemand weet werklik wat die ander ontvang het voordat die strikkies en geskenkpapier uiteindelik op die grond lê nie. Of as jou gesinsbyeenkomste 'n bietjie meer georganiseerd is, maak elke kind een geskenk op 'n slag oop, sodat almal die kans kry om in die kollig te wees. Hoe ookal, daar is altyd 'n onvermydelike oomblik wanneer geskenke vergelyk word. Hoe vergelyk dit wat ek ontvang het met wat hulle pas oopgemaak het? Sou ek eerder iets anders wou hê, of is ek tevrede met wat ek gekry het?

Die geskenke wat ons van die Vader ontvang, is nie items wat ons onder die kersboom moet uitpak nie, maar eerder areas van ons persoonlikheid en karakter wat ons uniek maak om sy koninkryk te bevorder. Die gawes wat gelowiges van die Heilige Gees ontvang, is bedoel om in harmonie gebruik te word om eenheid te skep, nie om ons van mekaar te onderskei nie. Al hierdie gawes: wysheid, kennis, geloof, genesing, wonderwerke, profesieë, onderskeidingsvermoë - is almal bedoel om saam beter te wees.

Wanneer ons die gawes wat God ons gegee het, met ope arms aanvaar en dit gebruik tot sy eer en nie ons eie nie, baat ons gesinne, gemeenskappe en kerke daarby. Alhoewel jy mag rondkyk om te sien watter gawe iemand anders ontvang het, glo dat God jou op 'n pragtige manier geskep het om uniek toegerus te wees om jou gawe vir sy heerlikheid te gebruik. Kyk rond, maar net om te sien waar jou gawe iemand anders kan bemoedig. Kyk rond, maar slegs om te sien waar jy kan saamwerk in plaas van om te vergelyk. Maar bowenal, rig jou oë na bo en dank God dat Hy jou 'n wonderlike geskenk gegee het.

**GEBED**

Hemelse Vader, dis maklik om na ander gelowiges te kyk en gawes en geleenthede te vergelyk. Help ons om gefokus te bly net daar waar U ons geroep het, sodat ons U kan dien en nie ons eie agendas nie. Mag ons ons gawes daartoe verbind om u koninkryk te laat groei en u heerlikheid te bring, want ons is werklik beter saam. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Psalm 136*

Loof die Here, want Hy is goed.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
2 Loof die oppermagtige God.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
3 Loof die magtigste van alle maghebbers.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
4 Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
5 Hy het die hemel met soveel insig gemaak.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
6 Hy het die aarde op die waters gevestig.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
7 Hy het die groot hemelligte gemaak,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
8 die son om te heers oor die dag,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
9 die maan en die sterre om te heers oor die nag.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
10 Hy het die Egiptenaars getref met die dood van hulle eersgeborenes
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
11 en Israel onder hulle uit gelei
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
12 met sy groot mag en krag.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
13 Hy het die Rietsee in twee gekloof
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
14 en Israel daar deur laat trek,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
15 maar die farao met sy leërmag in die Rietsee gestort.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
16 Hy het sy volk deur die woestyn laat trek.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
17 Hy het groot konings oorwin,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
18 magtige konings laat sneuwel:
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
19 koning Sihon van die Amoriete,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
20 koning Og van Basan.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
21 Hy het hulle land as geskenk gegee,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
22 as geskenk aan Israel, sy dienaar.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
23 Hy het aan ons gedink in ons vernedering
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
24 en ons uit die mag van ons teëstanders bevry.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
25 Hy gee voedsel aan al wat lewe.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
26 Loof die God van die hemel!
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 136*

SOAP:
*Psalm 136:26*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# V R Y D A G

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Psalm 136:26*

*Loof die God van die hemel! Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

**OORDENKING**

Daar is iets spesiaals daaromtrent om ‘n dankiesê-briefie in die pos te ontvang. Nadat jy die tyd, moeite en geld bestee het om iets spesiaals vir iemand anders te doen, voel ‘n handgeskrewe briefie of teksboodskap wat “dankie” sê soos om‘n geskenk in ruil te ontvang. Dis heel dikwels nie iets wat ons nodig het nie, want ons hou daarvan om ons geliefdes spesiaal te laat voel, maar dis ‘n seëning van bedagsaamheid.

As ons vandag deur Psalm 136 lees, gee dit ons ses en twintig redes om die Here te loof! Ons verhouding met God gaan om meer as om vir geskenke te vra en God wat daarop reageer. Dit is om ons gawes te gebruik om God te eer en te verheerlik, om alles wat Hy vir ons gedoen het, te onthou, Hom te aanbid vir wie Hy is en wat Hy gedoen het, om sy onveranderlike karakter te eer, vir ander van Hom en die geskenk van verlossing wat Hy vir ons almal het, te vertel, en Hom met vreugdevolle harte te dank.

Wanneer laas het jy jou tyd met God gebruik om sommer net “dankie” te sê? Dank Hom vir wie Hy is—ons goeie God, die Here van die here, die Koning van konings. Dank Hom vir wat Hy gedoen het—wat Hy geskep het, die gawes wat hy jou gegee het, die gebede wat hy verhoor het. Onthou die kere toe die Here deure toegemaak het, ‘n pad gemaak het, beskerming gebied het,

vir jou ‘n sterk vesting was, en jou vertroos het. Dank God dat Hy jou liefgehad het toe jy nog ‘n sondaar was, dat Hy jou sy dogter noem, en vir jou ‘n plek en ‘n pad berei om vir ewig saam met Hom te lewe. Dank God dat Hy sy Seun na die aarde toe gestuur het as die grootste geskenk wat jy ooit kon ontvang.

Sê dankie vir die Here!

**GEBED**

God, ek kom vandag nederig in danksegging voor U, nie om iets te vra nie, maar om alles wat U reeds vir my gedoen het, alles wat U is en alles wat U so vryelik vir my gegee het, te onthou en te gedenk. Ek het U lief. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe vind jy troos wetende dat God jou beskermer is?

2. Glo jy dat God niks goeds van jou weerhou nie? Hoe versoen jy hierdie waarheid wanneer God nie jou gebede verhoor soos jy gehoop het nie?

3. Hoe is redding ‘n gawe van God?

4. Wat is ‘n paar van die geestelike gawes wat God jou gegee het? Hoe kan jy hierdie gawes gebruik om die liggaam van Christus te seën?

5. Hoe kan jy God vandag dank vir sy liefde?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.*

**1 TESSALONISENSE 5:16-18**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Fokus hierdie week op 1 Tessalonisense 5:16–18. Hoe kan jy altyd bly wees? Wat beteken dit om gedurig te bid? Is jy bereid om in alles omstandighede dankbaar te wees, selfs in swaarkry en teleurstelling? Besin oor wat God jou leer.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Psalm 107*

"Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!" 2 So moet die
mense sê wat deur die Here bevry is, dié wat Hy uit hulle nood bevry het 3 en uit baie
lande versamel het, uit die ooste en die weste, die noorde en die suide. 4 Party was
verdwaal in die woestyn, in 'n barre wêreld, en kon die pad na 'n bewoonde stad nie kry
nie. 5 Hulle was honger en dors, hulle was uitgeput, 6 maar in hulle nood het hulle na
die Here geroep om hulp en Hy het hulle gered uit hulle ellende. 7 Hy het hulle op die
regte pad gebring en by 'n bewoonde stad laat uitkom. 8 Hulle moet die Here loof vir
sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen. 9 Hy het die dors geles van
dié wat versmag het, Hy het die goeie in oorvloed gegee aan dié wat honger gely het. 10
Party het in die donker gesit, in diep duisternis, hulle was gevangenes, in ellende en in
boeie, 11 want hulle het hulle verset teen die bevele van God, hulle het die leiding van
die Allerhoogste in die wind geslaan, 12 Hy het hulle laat knak onder swaarkry, hulle
het inmekaar gesak, en niemand het gehelp nie. 13 Maar in hulle nood het hulle na
die Here geroep om hulp, en Hy het hulle bevry van hulle ellende. 14 Hy het hulle uit
die donker, uit die diep duisternis, laat uitkom, Hy het hulle boeie stukkend gebreek.
15 Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense
doen, 16 want Hy het koperdeure oopgebreek, ystergrendels stukkend geslaan. 17 Party
het dwaas opgetree, en deur hulle rebelse optrede, hulle sonde, het hulle in die ellende
beland. 18 Alle kos het hulle laat walg, en hulle het by die dood omgedraai, 19 maar
in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle bevry van hulle
ellende. 20 Hy het hulle met 'n enkele woord gesond gemaak, hulle aan die dood laat
ontkom. 21 Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy
aan mense doen. 22 Hulle moet dankoffers bring en met blydskap van sy dade getuig.
23 Party het met skepe die see bevaar en hulle bestaan op die groot waters gemaak. 24
Hulle het die werk van die Here ervaar, sy wonderdade op die diep waters. 25 Op sy
bevel het 'n stormwind opgesteek en die golwe opgejaag. 26 Die skepe het hemelhoog
gestyg en na die dieptes afgeduik. Die bemanning was radeloos van angs 27 en het
soos dronk mense gesteier en gewaggel; al hulle seemanskuns het niks gehelp nie. 28
Maar hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle veilig uit
hulle ellende gelei. 29 Hy het die stormwind stilgemaak, en die golwe van die see het
bedaar. 30 Die seevaarders het hulle verheug oor die kalmte. God het hulle veilig gelei
na die hawe waar hulle wou kom. 31 Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir
sy wonderdade wat Hy aan mense doen. 32 Hulle moet van sy grootheid getuig in die
volksvergadering, Hom prys in die byeenkoms van die leiers. 33 Hy verander waterryke
gebied in woestyn, fonteinwêreld in dorsland, 34 Hy maak vrugbare grond brak oor die
slegte dade van dié wat daar woon. 35 Hy verander woestyngebied in rietvlei, dor land
in fonteinwêreld 36 en laat honger mense hulle daar vestig dat hulle stede kan stig om
in te woon. 37 Hulle bewerk lande en plant wingerde, en dié lewer hulle oeste. 38 Hy
seën hulle en hulle word vinnig meer, Hy laat hulle vee nie minder word nie. 39 En
as die mense minder word en wegkwyn onder die druk van teëspoed en moeilikheid,
40 dan is dit die magtiges Hy tref met vernedering en wat Hy laat ronddwaal in 'n
wilde wêreld sonder pad. 41 Hy beskerm die armes teen verdrukking en maak hulle
nakomelinge so talryk soos kleinvee. 42 As die opregtes dit sien, is hulle bly; alle onreg
het tot 'n einde gekom. 43 Wie verstandig is, moet op hierdie dinge ag gee, hulle moet
let op die Here se dade van trou.

# MAANDAG

LEES:
*Psalm 107*

SOAP:
*Psalm 107:21–22*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*Psalm 107:21–22*

*Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen. Hulle moet dankoffers bring en met blydskap van sy dade getuig.*

**OORDENKING**

Gaan jy hierdie seisoen met ‘n swaar hart binne, en voel asof jy dwalend, uitgeput, in die nood, verontrus, op soek na ‘n lig in die duisternis is? Die wêreld rondom jou bruis dalk van vreugde en opwinding, maar jy is op soek na ‘n toevlugsoord waar jy kan rus en herstel van die gewig van alles wat jy hierdie jaar moes dra.

God verstaan, en Hy nooi jou in sy volmaakte rus in. Jou moegheid en frustrasie is niks nuuts vir Hom nie, en jou baie eerlike gevoelens en hartseer sal Hom glad nie verbaas nie. Lees ons Skrifgedeelte vandag en voeg jou naam oral in waar dit sê “dié” en “hulle”.  Net soos God dié wat in die woestyn rondgedwaal het, verlos en vir hulle voorsien het, is Hy bereid om jou te verlos.

Wat ‘n geskenk! God se hart is dat jy bevry moet wees van laste en van die duisternis en met danksegging alles verkondig wat Hy in jou lewe gedoen het, sodat ander ook na Hom toe sal gaan. Jou verhaal van dankbaarheid kan dalk net die lig wees wat iemand in jou lewe hierdie vakansieseisoen die nodigste het om hulle na die vryheid en herstel wat God so gewillig aanbied, aan te trek.

**GEBED**

Vader God, ek wil vandag, selfs midde-in my gemors, terwyl dit vir my voel asof ek nog dwalend is, u goedheid, u groot geskenke, en u wonderlike liefde verkondig. Dankie dat U my ken, my liefhet en my in u volmaakte rus innooi. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Filippense 4:10-20*

Ek was baie bly in die Here dat julle na so 'n lang tyd weer gewys het dat julle nog
aan my dink. Nie dat julle my ooit vergeet het nie, julle het net nie die kans gehad
om iets te doen nie. 11 Ek sê dit is nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer
om my in alle omstandighede te behelp. 12 Ek weet wat armoede is en ek weet wat
oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om
honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. 13 Ek is tot alles in staat
deur Hom wat my krag gee. 14 Nietemin het julle goed gedoen deur my in my
moeilike omstandighede by te staan. 15 Julle in Filippi weet ook dat in die begin
van my evangelieprediking, na my vertrek uit Masedonië, geen enkele gemeente
behalwe julle 'n aandeel gehad het aan my rekening van inkomste en uitgawe nie.
16 Ook toe ek in Tessalonika was, het julle meer as een maal iets vir my behoeftes
gestuur. 17 Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan:
daardeur word julle self ryker. 18 Maar ek het alles ontvang en ek het meer as
genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek
alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom
aanneemlik en welgevallig. 19 En my God sal in elke behoefte van julle ryklik
voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus. 20 Aan ons God en
Vader behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

# DINSDAG

LEES:
*Filippense 4:10–20*

SOAP:
*Filippense 4:18–19*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*Filippense 4:18–19*

*Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.*

**OORDENKING**

In 'n wêreld wat aan ons uitskree dat ons nog meer moet koop, meer moet hê, meer moet doen, bied Jesus vir ons 'n pragtige opsie om die uitroepe van die kultuur stil te maak: vergenoegdheid.

Toe ek klein was, het my Kersfeeswenslysie bestaan uit die nuutste speelgoed wat ek Saterdagoggende op tekenprente gesien het, of die oulikste uitrustings wat ek omkring het op die kettingwinkelkatalogus wat in November in ons posbus beland het. Voeg resensies op sosiale media en YouTube daarby, dan is my dogter se wenslys nóg langer—en baie meer ingewikkeld—vol items wat ek weet sy nie nodig het of veel langer as Kersoggend gaan geniet nie.

Miskien werk dit in jou huis ook so dat wanneer 'n vakansiedag waarop geskenke gegee word, nader kom, ons noukeurig let op al die "goed" wat ons reeds besit. Ons soek 'n paar items wat ons graag vir 'n vriend wil gee, of items wat ons weet vir iemand anders groter vreugde sal verskaf sodat ons plek kan maak vir iets nuuts. Maar uiteindelik besin ons oor hoe dankbaar en vergenoeg ons was met wat ons reeds het. Is die "moet hê"-speelgoed en speletjies wat eenkant toe gegooi is, besig om stof te vergaar of klaar flenters? Wys die manier hoe ons dit wat ons reeds besit, opgepas het dat ons gereed is vir wat ons wil aanskaf?

Toe Paulus hierdie brief aan die Filippense geskryf het, het hy hulle meegedeel dat hy die geheim van 'n vreugdevervulde lewe ontdek het: om vergenoegd te wees ongeag sy omstandighede. Òf dit in tye van nood of tye van oorvloed was, òf hy vry of in die tronk was, òf hy honger of versadig was, Paulus was tevrede omdat hy vreugde in die Here gevind het. Paulus het geweet dat hy swak is en dat Jesus in elke behoefte sou voorsien. God sal dieselfde vir ons doen. Laat ons vir Hom dankie sê!

**GEBED**

God, U is vrygewig en liefdevol, en ek is so dankbaar dat U—ongeag my omstandighede—altyd meer as genoeg is. Help my om 'n rukkie tot stilstand te kom en met 'n dankbare hart na te dink oor alles wat U in my lewe gedoen het sodat ek in hierdie seisoen vergenoegd en vol van u vreugde kan wees. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Lukas 6:37-38*

"Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.
38 Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word."

## *2 Korintiërs 9*

Eintlik is dit oorbodig dat ek aan julle skrywe oor die hulpverlening aan die gelowiges in Judea. 2 Ek weet dat julle graag wil help, en ek het al by die Masedoniërs met lof oor julle gepraat. "Agaje," het ek gesê, "is al 'n jaar lank reg om te help." Julle ywer het ook die meeste ander aangespoor. 3 Nou stuur ek hierdie broers sodat ons woorde van lof oor julle in hierdie aangeleentheid nie leë woorde sal wees nie. Ons wil hê dat, soos ons die ander vertel het, julle klaar reg sal wees om te help. 4 Anders, as daar Masedoniërs saam met my kom en hulle sien julle is nog nie gereed nie, sal ons ons skaam oor ons vertroue in julle – om nie eens te praat van julle eie skaamkry nie. 5 Daarom het ek dit noodsaaklik geag om die broers aan te spoor om vooruit na julle toe te gaan. Hulle moet die dankoffer wat julle vroeër beloof het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as 'n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie. 6 Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. 7 Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. 8 En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk. 9 Daar staan ook geskrywe: "Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig." 10 God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. 11 Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word, 12 want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee. 13 Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom prys oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander. 14 Hulle sal ook vir julle bid en met verlange aan julle dink, omdat die genade van God oor julle so oorvloedig was. 15 Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe.

# WOENSDAG

LEES:
*Lukas 6:37–38; 2 Korintiërs 9*

SOAP:
*2 Korintiërs 9:7–8*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*2 Korintiërs 9:7–8*

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.*

**OORDENKING**

Was jy al ooit verplig om deel te neem aan ‘n geskenkuitruiling, miskien by die werk of saam met ‘n groep wat jy nie eintlik goed ken nie? Dis lekker en maklik om ‘n geskenk te koop vir geliefdes. Jy ken hulle en wil hê hulle moet bly wees oor hulle geskenke. Dis moeilik om te gee as jy verplig voel, nie net omdat daar “nog iets” by jou reeds oorlaaide skedule gevoeg word nie, maar ons kreatiwiteit, ons gesindheid en ons finansies word ook beproef.

Dit is hoekom ons op die ou end met ‘n klomp kerse wat nie bymekaar pas nie, vadoeke en interessante tuinversierings wat ons nooit ten toon sal stel nie, opeindig.

Daar is iets spesiaals daaromtrent om ‘n geskenk te ontvang wat ons weet uit liefde gekies is. Ons is opgewonde om dit oop te maak en koester die geskenk, selfs al is dit nie wat ons verwag het nie. God wil hê dat ons blymoedig moet gee, nie om ander te help omdat ons verplig, skuldig of gedwonge voel nie, maar uit ‘n plek van liefde.

Wanneer ons God en ander liefhet, is dit ‘n seëning om in die behoeftes van diegene om ons te voorsien. Dit is ‘n vreugde om te dien, om van ons tyd te gee en ons vaardighede met ander te deel, nie omrede ons iets terug verwag nie, maar om die gawes wat God so oorvloedig aan ons gegee het, goed aan te wend. Dit wys vir ander dat ons vir hulle omgee en hulle bo ons eie gerief ag.

Gee is nie altyd maklik nie. Maar ons kan vertrou dat God meer kan doen met die gawes wat ons gee as wat ons ooit kan dink.

**GEBED**

Vader, ek weet U het ‘n blymoedige gewer lief. Mag my oë oop en my hart wakker wees vir maniere om ander in hierdie seisoen te dien, gewillig en in staat om oorvloedig en met liefde te gee om ander te eer. Dankie dat U deur die lewe van u Seun, Jesus, vir my wys wat dit beteken om alles te gee. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Efesiërs 5:15-20*

Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. 16 Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. 17 Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen. 18 Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, 19 en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. 20 Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.

*1 Tessalonisense 5:16-18*

Wees altyd bly. 17 Bid gedurig. 18 Wees in alles omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

# DONDERDAG

LEES:
*Efesiërs 5:15–20; 1 Tessalonisense 5:16–18*

SOAP:
*1 Tessalonisense 5:16–18*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*1 Tessalonisense 5:16–18*

*Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.*

**OORDENKING**

Namate ons kalenders voller raak van goeie dinge en ons doen-lysies langer, kan ʻn mens maklik na outomatiese loods toe oorskakel. Ons moet op plekke wees, dinge doen, met mense praat, en skielik vervaag die vreugde van hierdie seisoen en word verdring deur verpligtinge in plaas van feesviering. Ons wonderlike Vader het geweet ons gaan in hierdie situasies beland en het vir ons ʻn manier voorsien om daardeur te kom:

Wees dankbaar.

Die Skrif gee vir ons die opdrag om dankie te sê, nie net by etes of voordat ons saans aan die slaap raak nie, maar in alle omstandighede. ʻn Gemor en dankbaarheid kan nie saam bestaan nie, daarom moet jy, as jy oorweldig, besig, onseker, of moedeloos voel, die gawe van dankbaarheid wat God vir jou gegee het, oopmaak en dit oor jou omstandighede uitspreek.

Selfs wanneer dinge moeilik gaan, en planne nie uitwerk soos jy verwag het nie, jy moet "nee" sê vir iets goeds om plek te maak vir iets wonderliks, of wanneer verwagtinge teleurgestel word, soek iets in daardie situasie waarvoor jy vir God kan dankie sê.

ʻn Lewe wat vol dankbaarheid geleef word, veral as dit moeilik gaan, sal vir die mense om jou soos ʻn lig in die duisternis wees. Jou voorbeeld sal ʻn gawe wees wat toon dat jou liefde vir God belangriker is as jou liefde vir jou planne. Dit is dalk die een ding wat iemand anders nodig het om te weet wat dit beteken om God groots lief te hê.

**GEBED**

God, U het my so lief dat U selfs ʻn uitweg vir my hart en gedagtes voorsien het om in alle omstandighede op U gefokus te bly. Namate hierdie seisoen bedrywig raak en my aandag in duisende rigtinkies getrek word, help my om gemor vir dankbaarheid te verruil sodat ek ʻn lig vir diegene rondom my kan wees. Ek dank U in alle omstandighede, want selfs as dinge nie verloop soos ek wil hê nie, vertrou ek U en glo dat u manier beter is. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Psalm 100*

‘n Dankpsalm.

Juig tot eer van die Here, almal op aarde! 2 Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! 3 Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. 4 Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, 5 want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 100*

SOAP:
*Psalm 100:1–5*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*Psalm 100:1–5*

*Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.*

**OORDENKING**

Het jy al ooit 'n gesang, aanbiddingslied of Kerslied gehoor wat jou dieper in voeling met God laat voel het? Miskien het dit iets van sy karakter onthul wat jy nooit geweet het nie, of die lirieke het dalk van hoop en genesing gespreek oor die situasie waarin jy jou bevind het. Musiek is 'n gawe wat ons help om stories te vertel, lof te besing, en te vier wie God is, wat Hy gedoen het en wat Hy nog gaan doen.

Die skrywer van vandag se psalm besing Israel se spesiale verhouding met God en nooi almal uit om God vir sy getrouheid te loof. Hierdie is nie die soort gesamentlike aanbidding waar daar gestaan en die woorde gemompel word nie—nee, dit het met 'n spesiale voorskrif gekom om met blydskap te aanbid!

Kom ons leer uit die psalmis se voorbeeld en skryf vandag ons eie lofpsalm. Wat is dit omtrent God waaraan jy met 'n vreugdevolle hart erkenning wil gee en loof? Watter gawes het God aan jou gegee waarvoor jy Hom kan dank? In watter areas van jou lewe het jy hierdie jaar God se liefde en getrouheid ervaar? Watter gebede het Hy verhoor? Wat beteken dit vir jou dat God jou geskape het, jou geroep het om aan sy ewige familie te behoort en oor jou waak?

Bid of sing jou woorde terug aan God met soveel blydskap as wat jou hart kan bevat! Ons God is goed en waardig om deur ons geloof te word!

As jy nie weet waarvoor om God vandag te loof nie, hoekom begin jy nie sommer om vandag se Skrifgedeelte vir Hom terug te bid nie?

**GEBED**

Here, U alleen is God. U het my gemaak en verklaar dat ek aan U behoort. U het my in u huisgesin ingenooi en U beskerm my en sorg vir my! God, U is goed en ek dank U vir u blywende liefde en getrouheid. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe kan jy verkondig wat God in jou lewe gedoen het? Dink aan maniere om die verkondiging van God se goedheid ‘n daaglikse gewoonte te maak.

2. Hoe het God in al jou behoeftes in die verlede voorsien? Glo jy dat Hy gewillig en in staat is om in al jou behoeftes in die toekoms te voorsien?

3. Wat beteken dit om ‘n blymoedige gewer te wees? Hoe kan jy vandag blymoedig en gewillig gee?

4. Wat is God se wil vir jou, volgens 1 Tessalonisense 5: 16 –18?

5. Hoe het jy hierdie week God se goedheid in jou lewe ervaar? Prys Hom vandag vir sy goedheid!

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.*

**ROMEINE 5:3-5**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

In Romeine 5:3–5, sê Paulus vir ons dat ons hoop in Christus nie beskaam nie. Het jy gevind dat dit waar is? Het jy al ooit teleurgesteld gevoel deur hoop? Hoe kan jy seker wees dat jou hoop in Chistus nooit sal beskaam nie?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Romeine 5:1-11*
God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede
tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. 2 Deur Hom het ons in die
geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.
En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. 3
Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet:
swaarkry kweek volharding, 4 en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid
van geloof kweek hoop; 5 en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in
ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. 6 Toe ons
nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses
gesterwe. 7 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n
regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te
sterwe. 8 Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf
het toe ons nog sondaars was. 9 Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy
versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van
God gered sal word. 10 Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van
sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is,
deur die lewe van sy Seun gered sal word. 11 Maar dit is nie al nie. Ons verheug
ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening
ontvang het.

# MAANDAG

LEES:
*Romeine 5:1–11*

SOAP:
*Romeine 5:3–5*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Romeine 5:3–5*

*Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.*

**OORDENKING**

Hierdie Adventweek gaan ons tyd daaraan bestee om te fokus op God se gawe van hoop, en watter pragtige gawe is dit nie! Die hoop wat ons het hang nie af van ons omstandighede, sukses, wat ons besit, of wat ons kan bereik nie. Ons hoop het niks te doen met die titels wat ons besit, die werk wat ons doen, hoe dikwels ons vrywilligerwerk doen, of hoe goed ons kinders gemanierd is nie. Ons hoop is in God—en dis ‘n hoop wat nooit verander of beskaam nie!

In teenstelling met die wêreldse weergawe van hoop wat verwag dat alles maklik sal wees, is ons hoop die sterkste wanneer dit voortspruit uit die ontwikkeling van ons karakter deur uitdagings. As ons weet dat die eindresultaat van ons swaarkry hoop is en ‘n lewe wat meer soos Christus s’n is, kan ons met ons oë op God gevestig en ons koppe omhoog, enigiets trotseer waarvoor ons te staan kom.

Deur swaarkry word volharding gekweek, wat ons gee wat ons nodig het om in ons geloof voort te gaan terwyl ons leer om te rus, nie om te stop nie. Namate ons ons volharding ontwikkel, word ons karakter gesuiwer, en dit onderskei ons van diegene wat in moeilike tye opgee of ingee. Ons aanvaar die leefstyl van God se koninkryk wat, teen die kultuur in, sê dat as ons swak is, dan is God sterk. Ons nooi ander in ons lewens in om ons te help om hierdie wedloop goed te hardloop, en ons is lief vir en juig diegene toe wat die wêreld as ons mededingers sou beskou.

En uiteindelik, na volharding en karakter, bring ons swaarkry hoop voort. Hoop wat nie oor ons gaan nie, maar oorloop uit die oorvloed liefde wat God in ons harte uitgestort het. As ons wêrelde geskud word, staan hierdie hoop vas, want God se liefde verander nooit nie.

**GEBED**

God, U is my hoop. Wanneer die lewe moeilik is, help my om te fokus op die gawes wat U vir my het terwyl my karakter gesuiwer word om meer soos Christus te wees. Die hoop wat ek in U het is onwankelbaar want u liefde vir my verander nooit nie. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Hebreërs 10:19-25*

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die
heiligdom, 20 en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy
vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21 En terwyl ons
Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22 laat ons tot God nader
met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig
van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23 Laat ons styf
vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof
het. 24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en
goeie dade. 25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos
party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en
dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 10:19–25*

SOAP:
*Hebreërs 10:23*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Hebreërs 10:23*

*Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.*

**OORDENKING**

Dwarsdeur die Bybel maak God beloftes aan sy kinders en kom Hy sy dit na. Hy het vir Abram belowe dat hy die vader van baie volke sou wees (Genesis 17:4); God het belowe om die volk Israel te beskerm en hulle uit 430 jaar van slawerny te bevry (Eksodus 2:24–25); en God het verlossing belowe aan almal wat in sy Seun glo (Romeine 1:16–17).

God belowe ook dat:
As ons Hom soek, sal ons Hom vind (Deuteronomium 4:29 - OV).
Sy liefde nooit sal ophou nie (1 Kronieke 16:34).
Ons nuwe lewe in Christus sal ontvang (2 Korintiërs 5:17).
Ons vrede sal kry as ons bid (Filippense 4:6–7).
Hy in ons behoeftes sal voorsien (Matteus 6:33).
...en soveel meer!

Die gawe van hoop wat God ons gee is 'n vaste fondament vir ons geloof, want die beloftes wat God aan mans en vroue in die Bybel gemaak het, toon ons sy ongelooflike karakter wat sy beloftes nakom. Wanneer ons tyd maak om in God se Woord na bewyse van sy karakter te soek, gaan ons op meer voorbeelde afkom as wat ons kan ooit kan oorvertel. Die manier waarop jy die hoop wat jy in Hom het uitleef, is egter vir jou vriende, familie en gemeenskap die kragtigste voorbeeld van God se betroubaarheid.

God het ook sy beloftes aan jou gestand gedoen. Het jy in die laaste ruk al vir iemand daarvan vertel? Het jy vir iemand vertel van die vrede, liefde en vertroostende teenwoordigheid van God wat jy ervaar het toe jy Hom die nodigste gehad het?

Ek kan nie help om te dink aan die ou gesang wat lui, "My hope is built on nothing less than Jesus' blood and righteousness." God het ons 'n Verlosser beloof, en daardie belofte nagekom deur die geboorte, dood en opstanding van sy Seun.

**GEBED**

Vader, dankie dat U my ingesluit het in die beloftes wat U aan u kinders gemaak het. My hoop kom van U. Help my om, in hierdie tyd wat ons u Seun vier, die mense om my van die bron van my hoop te vertel. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Romeine 15:7-13*

Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God. 8 Ek
bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy
moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders
ontvang het, waar te maak. 9 Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy
ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe staan: "Daarom sal ek U loof voor
die nasies, en tot eer van u Naam sal ek 'n lofpsalm sing." 10 En elders lui dit:
"Verbly julle, ander nasies, saam met sy volk." 11 En: "Prys die Here, alle nasies!
Loof Hom, alle volke!" 12 En Jesaja sê ook: "Isai sal 'n nakomeling hê, en Hy sal
opstaan om die nasies te regeer; op Hom sal die nasies hulle hoop vestig." 13 Mag
God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul,
sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

# WOENSDAG

LEES:
*Romeine 15:7–13*

SOAP:
*Romeine 15:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Romeine 15:13*

*Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!*

**OORDENKING**

Ons God, die groot Gewer, het ons 'n wonderlike geskenk in die vorm van sy Seun, Jesus, gegee. Anders as die geskenke wat ons van vriende of familie ontvang, is dit 'n geskenk wat aanhou gee, want as ons God se gratis geskenk van verlossing deur Jesus aanvaar, hou ons aan om goeie geskenke te ontvang!

Geskenke verg altyd 'n mate van opoffering, en in Paulus se brief aan die Romeinse gelowiges, herinner hy hulle daaraan dat Jesus ons die volmaakte voorbeeld gegee het om te volg. Jesus het alles wat Hy maklik sou kon opeis, opsy gesit - al sy regte en voorregte as die Seun van God - en eerder sy lewe opgeoffer sodat ons die gawe van redding kon ontvang. In plaas daarvan om maniere te vind om verdeeld te wees, het Paulus die gelowiges (ons ingesluit) aangemoedig om Jesus se voorbeeld te volg, ander lief te hê, saam te werk en die gawe van hoop en krag wat ons van die Heilige Gees ontvang, met ope arms aan te neem.

God het nie sy Seun gestuur om as 'n mens gebore te word en vir ons sondes te sterf, en ons dan oorlaat om die res self uit te werk nie. God is goed, dit is sy natuur, en die hoop wat Hy vir ons begeer, kom uit 'n oorvloed van wat ons van Hom, deur die Heilige Gees, ontvang. Dit is 'n hoop wat nie verdwyn nie. Dit is 'n hoop wat helder skyn wanneer alles om ons donker voel.

Wanneer ons ons hoop in Christus plaas en op die hulp en krag van die Heilige Gees vertrou, kan niks dit wegneem nie. Die Jesus wat ons tydens Kersfees vier, was 'n belofte wat God aan sy mense gehou het - 'n belofte van redding en bevryding van sonde en die dinge wat ons daarvan weerhou om oorvloedige en vol lewens te leef tot Sy eer. Dit is 'n geskenk wat aanhou gee!

**GEBED**

Vader God, dankie dat U u enigste Seun gestuur het om gebore te word, sodat ek 'n pad terug na U kan kry. Help my hierdie Kersfees om my hart gefokus te hou op U, die vaste basis van my hoop. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Romeine 8:18-25*

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen
die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19 Die
skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie
sy kinders is. 20 Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit
eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die
belofte van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing
aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan
die kinders van God deel sal hê. 22 Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug
in die pyne van verwagting. 23 En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die
Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat
God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die
verganklikheid bevry. 24 Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat
'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25
Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

# DONDERDAG

LEES:
*Romeine 8:18–25*

SOAP:
*Romeine 8:24–25*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Romeine 8:24–25*

*Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.*

**OORDENKING**

Watter soort geskenk-ontvanger is jy? Hou jy daarvan om tyd te neem terwyl jy die geskenk oopmaak, elke lint en papier sorgvuldig afhaal, die proses en afwagting net so geniet as die uitkoms? Is jy 'n geskenkskudder, iemand wat daarvan hou om die geskenk met geslote oë te druk, te skud, om te dop en te draai om te probeer raai wat daarin is voordat jy dit oopmaak, omdat jy net so opgewonde is oor die opwinding van 'n korrekte raaiskoot as oor die geskenk self? Of miskien duik jy net reguit in, gooi die papier en strikke wild eenkant toe, want jy kan net nie 'n sekonde langer wag om te sien wat daarin is nie?

Neem nou daardie gevoel van opgewondenheid en pas dit toe op die heilige afwagting van die komende werklikheid van Christus se langverwagte wederkoms, die laaste stuk van ons beloofde redding wanneer alles nuut gemaak sal word.

In Paulus se brief aan die Romeine herinner hy hulle daaraan om hul hoop gevestig te hou op die koninkryk wat God beloof het, nie op wat hulle rondom hulle gesien het nie. Die gretigheid wat ons ervaar wanneer ons 'n geskenk met Kersfees ontvang, verloor 'n deel van die vonk wanneer ons 'n geskenk ontvang wat nie toegedraai is nie. Ons sien dit. Ons weet wat dit is. Ons het nie die geleentheid om op iets besonders te hoop nie, want ons staan onmiddellik voor die werklikheid.

Paulus sê vir ons dat ons ons hoop moet vestig op wat ons nie kan sien nie—die volmaakte verlossingswerk wat God namens ons doen—en met uithouvermoë of volharding te bly wag op wat God beloof het. Terwyl ons hierdie Kersfees geskenke oopmaak, mag elke oomblik van hoop vir die onbekende ons daaraan herinner om met hoop vorentoe te beweeg na wat God nog in ons lewens moet doen, vir sy koninkryk.

**GEBED**

Here God, dankie dat ons oomblikke van hierdie spesiale seisoen, wanneer ons u Seun vier, kan neem om nader aan U te groei. Help ons geloof en hoop om toe te neem namate ons ons gevoelens van opgewondenheid en afwagting verbind met die gretigheid wat ons voel oor die wederkoms van Jesus, ons Verlosser. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Psalm 105*

Loof die Here! Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het. 2 Sing
liedere, sing tot sy eer, vertel van al sy magtige dade. 3 Roem sy heilige Naam, laat dié wat
die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees. 4 Soek hulp en beskerming by die Here,
soek gedurig sy teenwoordigheid. 5 Julle moet dink aan die magtige dade wat Hy gedoen
het, aan sy wonders, aan die reddingsdade op sy bevel, 6 julle, nageslag van Abraham sy
dienaar, nakomelinge van Jakob vir wie Hy uitverkies het. 7 Hy, die Here, is ons God;
sy reddingsdade strek oor die hele aarde. 8 Hy hou sy verbond altyd in stand, die belofte
wat Hy aan duisende geslagte toegesê het, 9 die verbond wat Hy met Abraham gesluit
het, sy eed aan Isak. 10 Hy het dit vir Jakob bevestig as 'n vaste toesegging, vir Israel as
verbond wat altyd sal bestaan. 11 Hy het gesê: "Ek gee Kanaän vir jou as grondgebied
en eiendom." 12 Toe hulle nog maar min was, net 'n paar mense, en vreemdelinge in die
land, 13 toe hulle van volk na volk geswerf het, van die gebied van die een volk na dié van
'n ander, 14 het Hy niemand toegelaat om hulle te verdruk nie, en het Hy selfs konings
ter wille van hulle gewaarsku: 15 "Moenie aan my gesalfdes raak nie, moenie my profete
kwaad aandoen nie!" 16 Toe Hy hongersnood oor die land gebring het en al hulle kos laat
opraak het, 17 het Hy iemand voor hulle uit gestuur: Josef is as slaaf verkoop. 18 Hulle
het sy voete geboei en hom in die gevangenis gehou 19 totdat sy woorde bewaarheid is,
nadat hy die toets deurstaan het met wat die Here aan hom bekend gemaak het. 20 Toe
het die koning hom uit die gevangenis laat uitkom; die heerser oor baie volke het hom
vrygelaat 21 en hom aangestel as hoof van die koninklike huishouding, met gesag oor al
sy besittings. 22 Josef kon die amptenare van die koning na goeddunke beveel en selfs
aan hoë amptenare leiding gee. 23 Israel het na Egipte toe gekom, Jakob kon in die land
van Gam gaan woon. 24 Die Here het sy volk baie vrugbaar gemaak, talryker as hulle
onderdrukkers. 25 Hy het die gesindheid van die Egiptenaars verander, sodat hulle sy volk
gehaat en vyandig opgetree het teenoor sy dienaars. 26 Die Here het Moses, sy dienaar,
gestuur, en vir Aäron, die man wat Hy verkies het. 27 Onder die Egiptenaars het hulle die
tekens van die Here gedoen, sy wonders het hulle gedoen in die land van Gam. 28 Hy het
duisternis gestuur, dit donker gemaak, maar hulle het hulle teen sy opdrag bly verset. 29
Hy het hulle waters in bloed verander en hulle visse laat vrek. 30 Hulle land het gekrioel
van die paddas, selfs tot in hulle koning se slaapkamer. 31 Die Here het beveel en daar het
insekte gekom, muggies oor hulle hele gebied. 32 Hy het hulle reëns in hael verander en
swaarweer oor hulle land gestuur. 33 Hy het hulle wingerdstokke en vyebome vernietig en
die bome in hulle gebied stukkend geslaan. 34 Hy het beveel en daar het sprinkane gekom,
ontelbaar baie sprinkane. 35 Hulle het al wat groen was in die Egiptenaars se land verslind
en al die gesaaides van hulle lande afgevreet. 36 Al hulle oudste seuns in die land het Hy
laat sterwe, al hulle eersgeborenes. 37 Toe het Hy sy volk uitgelei, belaai met silwer en
goud. In geeneen van die stamme het iemand uitgesak nie. 38 Die Egiptenaars was bly dat
hulle vertrek het, want hulle was skrikbevange oor die Israeliete. 39 Die Here het 'n wolk
uitgesprei as beskutting oor hulle en 'n vuur gegee om lig te maak in die nag. 40 Toe hulle
kos vra, het Hy kwartels laat kom en sy volk met brood uit die hemel versadig. 41 Hy het
'n rots oopgebreek en daar het water uitgestroom wat soos 'n rivier deur die dorre gebied
gevloei het. 42 Ja, Hy het sy heilige belofte aan sy dienaar Abraham gestand gedoen 43 en
sy volk juigend, sy uitverkorenes jubelend laat voorttrek. 44 Vir hulle het Hy die heidene
se lande gegee; wat deur ander volke met moeite verkry is, het hulle in besit geneem. 45
Daarom moet hulle sy voorskrifte gehoorsaam en sy wil doen. Prys die Here!

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 105*

SOAP:
*Psalm 105:42–43*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Psalm 105:42–43*

*"Ja, Hy het sy heilige belofte aan sy dienaar Abraham gestand gedoen en sy volk juigend, sy uitverkorenes jubelend laat voorttrek.*

**OORDENKING**

Die Psalmdigter van vandag se Skrifgedeelte begin deur alle mense uit te nooi om eienaarskap te neem van hul verhouding met en aanbidding tot God. Ons moet: loof, aanroep, bekend maak, sing, musiek maak, vertel van, roem, bly wees, soek en onthou.

Ons lees dan 'n opsomming van die geskiedenis van die Israeliete, van God se eerste belofte aan Abraham tot die vervulling van daardie belofte toe die mense Kanaän binnegekom het. Op sy volmaakte tydsberekening het God sy woord aan sy volk gestand gedoen, en deur hul aanbidding en lofprysing kon hulle die verhaal van sy getrouheid vertel.

Wat is jou verhaal van God se getrouheid? Waar het Hy sy beloftes gestand gedoen, jou vervul met hoop, jou van sonde verlos, saam met jou deur die woestyn gestap, jou voorsien van wat jy die nodigste gehad het? Dank God vandag! Roep sy Naam aan en maak aan alle nasies bekend wat Hy in jou lewe gedoen het - aan jou familie, bure en gemeenskap. Sing tot eer van God wat Hy in jou lewe gedoen het, of speel musiek wat help om jou verhaal te deel.

Gaan voort en roem oor wat God in jou lewe gedoen het en gee jou hart toestemming om bly te wees! Die Israeliete was nie perfek nie, en ons is ook nie. Maar ons God is, en Hy bly getrou aan sy kinders. Moenie toelaat dat die skande van foute uit die verlede jou weerhou van die gawe om God te loof nie. Wat Hy vir ons deur Jesus gedoen het, dek dit alles.

**GEBED**

Here God, ons loof U vandag vir u getrouheid. U het u belofte gestand gedoen en vir ons 'n Verlosser gestuur sodat ons verhale nie eindig met omswerwinge nie, maar met ons wonderlike hereniging met U. Help ons om die verhaal wat U in ons lewens skryf, te vertel, sodat ander ook mag hoor en in U kan glo. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe lei lyding tot volharding? Het jy dit al in jou lewe ervaar?

2. Hoe weet jy dat Christus betroubaar is? Hoe gee sy betroubare karakter jou vertroue terwyl jy op Hom hoop?

3. Wat beteken dit om oorvloedig te wees in hoop?

4. Hoe hou hoop en volharding verband met mekaar? Kan jy hoop hê sonder volharding? Kan jy volhard sonder hoop?

5. God hou altyd sy beloftes en jy kan jou hoop in Hom plaas. Hoe kan jy vandag dankie sê vir die gawe van hoop?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

**HEBREËRS 11:1**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Neem hierdie week tyd om na te dink oor die gawe van geloof. Hoe is geloof 'n gawe? Op watter maniere was jou geloof 'n gawe in jou lewe? Hoe kan jy seker wees van jou geloof as jy nie Wie jy in glo, kan sien nie?

# M A A N D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Hebreërs 11*

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees
van die dinge wat ons nie sien nie. 2 Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar
oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is. 3 Omdat ons glo, weet ons
dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie
ontstaan uit iets wat ons sien nie. 4 Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer
aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging
ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur
dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood. 5 Omdat Henog geglo het,
is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat
God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem
is, geleef het soos God dit wou. 6 As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te
doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat
Hom soek, beloon. 7 Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam
toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy
die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld,
maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom. 8
Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg
te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om
te weet waar hy sou uitkom. 9 Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land
gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en
so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, 10
want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self
die ontwerper en bouer is. 11 Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara
onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy
God wat dit beloof het, getrou geag het. 12 Die gevolg was dat daar van een man,
'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos
die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see. 13 Terwyl hulle
steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is,
maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat
hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. 14 Mense wat so praat, gee
daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. 15 As hulle terug
verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid
gehad het om daarheen terug te gaan. 16 Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit
is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word
nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak. 17-18 Omdat Abraham geglo
het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die
belofte ontvang het en aan wie gesê is: "Uit Isak sal jou nageslag gebore word," het
gereed gestaan om sy enigste seun te offer. 19 Hy was daarvan oortuig dat God by
magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te
stel, terug ontvang het. 20 Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en Esau geseën met
die oog op die toekoms. 21 Omdat Jakob geglo het, het hy op sy sterfbed albei die
seuns van Josef geseën en tot God gebid terwyl hy op die knop van sy kierie leun.
22 Omdat Josef geglo het, het hy kort voor sy dood melding gemaak van die uittog
van die Israeliete en opdrag gegee in verband met sy liggaam. 23 Omdat die ouers
van Moses geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie maande lank weggesteek

toe hulle sien dat hy ‘n mooi kindjie is. Hulle was nie bang vir die bevel van die
koning nie. 24 Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, geweier
om die seun genoem te word van die farao se dogter. 25 Hy het verkies om liewer
sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting
van sonde te hê. 26 Die smaad ter wille van die Christus het hy ‘n groter rykdom
geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het. 27 Omdat
hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning
bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien. 28 Omdat
hy geglo het, het hy die pasga ingestel en die bloed aan die deurkosyne laat smeer
sodat die engel van die dood nie die eersgeborenes van Israel sou tref nie. 29
Omdat die Israeliete geglo het, het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë
grond, terwyl die Egiptenaars verdrink het toe hulle dit ook probeer doen het.
30 Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe
dae daaromheen getrek het. 31 Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die
verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God
ongehoorsaam was nie. 32 En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om
te vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete.
33 Deur die geloof het hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en
verkry wat God beloof het; hulle het leeus se bekke toegestop, 34 gloeiende vuur
geblus en aan die swaard ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in
oorlog en het die leërs van vreemdes op die vlug gejaag. 35 Vroue het hulle dooies
teruggekry, opgewek uit die dood. Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie
vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot ‘n beter lewe
deelagtig word. 36 Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en
gevangenskap. 37 Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die
swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het
gebrek gely, is verdruk en mishandel. 38 Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle
het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond
gelewe. 39 En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof
getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie, 40 omdat God vir ons iets beters
beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.

# MAANDAG

LEES:
*Hebreërs 11*

SOAP:
*Hebreërs 11:1, 6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Hebreërs 11:1, 6*

*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

*As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.*

**OORDENKING**

Die woordeboek definieer geloof as "vertroue of hoop in 'n persoon of ding; 'n oortuiging wat nie op bewyse gebaseer is nie. " Die Bybel definieer geloof as "om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebreërs 11: 1).

Die gawe van geloof wat God ons gegee het, verskil van die weergawe wat die wêreld verstaan, want hoewel ons hoop kan hê op wat ons nie gesien het nie, het ons tog bewyse! God se Woord is ons bewys dat God ons liefhet, 'n goeie plan vir ons het en 'n plek vir ons in sy huisgesin het. Hebreërs 11 is 'n goeie plek om te begin, aangesien die skrywer ons voorbeeld na voorbeeld gee van mans en vroue wat groot geloof in God en die uitkoms van hul geloof getoon het.

Deur geloof het Abel 'n groot offer aan God gebring, en deur geloof het God hom geprys as regverdig. Henog se geloof het God behaag, en gevolglik het Henog nie 'n natuurlike dood gehad nie. Deur geloof het Noag die ark gebou wat God ontwerp het, en deur geloof het God Noag se gesin verlos. Die geloof van Abraham en Sarah het die toets van die tyd deurstaan, en hoewel hulle nie al God se beloftes in hul leeftyd sien gebeur het nie, is hulle geloof vir baie geslagte beloon.

Wanneer ons ons geloof in mense of omstandighede plaas, sal die uitkoms gewoonlik 'n teleurstelling wees. Wanneer ons geloof in God geplaas word, sal Hy ons nooit in die steek laat nie. Ons Skrifgedeelte vandag sê juis dat God diegene beloon wat Hom soek en in Hom glo. Slegs geloof in God lei tot voortdurende uitstorting van gawes, veel meer as waarvoor ons kan vra of onsself kan voorstel, en soms meer as wat ons in ons leeftyd sal beleef. Ons geloof in God sal 'n erfenis nalaat wat geslagte sal beïnvloed!

**GEBED**

Hemelse Vader, dit is ongelooflik dat U hierdie verhouding so mooi ontwerp het dat my geloof in U 'n seën kan word. Dankie vir die voorbeelde van mans en vroue in u Woord wat my aanmoedig om aan te hou glo en hoop op dit wat ek nog nie kan sien nie. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Matteus 17:14-20*

Toe hulle weer by die mense kom, het 'n man voor Hom kom kniel 15 en
gesê: "Here, ontferm U tog oor my seun, want hy is geestelik versteurd en hy
ly verskriklik. Hy val dikwels in die vuur en dikwels in die water. 16 Ek het
hom al na u dissipels toe gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie." 17
"Ongelowige en ontaarde geslag," het Jesus gesê, "hoe lank moet Ek nog saam
met julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier vir My!" 18
Jesus het die bose gees skerp aangespreek, en die bose gees het van die seun af
weggegaan. Van daardie oomblik af het die seun gesond geword. 19 Die dissipels
het toe alleen na Jesus toe gekom en gevra: "Waarom kon ons hom nie uitdryf
nie?" 20 "Omdat julle geloof te klein is," sê Hy vir hulle. "Dit verseker Ek julle:
As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg
sê: 'Gaan staan daar anderkant!' en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees
nie."

## *Matteus 21:18-22*

Vroeg die môre op pad terug stad toe het Jesus honger gekry. 19 Toe Hy 'n
alleenstaande vyeboom langs die pad sien, gaan Hy daarheen, maar Hy het niks
anders as blare daaraan gekry nie. Hy sê toe vir die boom: "Jy sal in der ewigheid
nooit weer vrugte dra nie." En die vyeboom het dadelik verdroog. 20 Toe die
dissipels dit sien, was hulle verbaas en het hulle gevra: "Hoe het die vyeboom
dan so skielik verdroog?" 21 Daarop antwoord Jesus hulle: "Dit verseker Ek julle:
As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle kan doen wat Ek aan die vyeboom
gedoen het. Meer nog: Julle sal vir hierdie berg kan sê: 'Lig jou op en val in die
see!' en dit sal gebeur. 22 As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in die gebed
vra."

# DINSDAG

LEES:
*Matteus 17:14–20; 21:18–22*

SOAP:
*Matteus 21:21–22*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Matteus 21:21–22*

*Daarop antwoord Jesus hulle: "Dit verseker Ek julle: As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle kan doen wat Ek aan die vyeboom gedoen het. Meer nog: Julle sal vir hierdie berg kan sê: 'Lig jou op en val in die see!' en dit sal gebeur. As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in die gebed vra."*

**OORDENKING**

Geloof is 'n geskenk, en ons hoef nie baie daarvan te hê vir God om iets wonderliks daarmee te doen nie. Matteus het 'n oomblik met Jesus gedeel, waar Hy vir Matteus gesê het dat hy net geloof, wat so groot is soos 'n mosterdsaadjie, nodig het om berge te versit. Het jy al ooit 'n mosterdsaadjie gesien? Ons het 'n pot papawersaad in ons spens waarmee ons bak. 'n Mosterdsaadjie is die helfte so groot soos een van hulle!

Mosterdplante is, as hulle die regte sorg ontvang, geharde bosse wat stadig groei, maar hoë hitte en min water kan weerstaan. As hulle volgroeid is, is hierdie plante ongeveer ses tot twintig voet lank en het hulle diep wortels wat water soek, wat hulle help om tydens droogtes te oorleef.

Ons geloof hoef nie groot te wees om 'n groot impak te hê nie, maar met behoorlike opvoeding en ontwikkeling, 'n verbintenis tot stadige maar bestendige groei, en die bereidwilligheid om ons wortels diep in God se Woord en die Lewende Water van Jesus Christus te delf, kan 'n klein greintjie geloof ontwikkel tot iets wat ons wildernis-seisoene kan weerstaan.

Spandeer vandag tyd om na te dink oor jou geloof. Vra God om te openbaar waar jy getwyfel het of waar jy gewag het om na Hom te gaan in gebed, omdat jou geloof nie groot genoeg was nie. Omhels jou geloof, of dit nou so klein soos 'n mosterdsaadjie is of twintig voet lank voel, en dank God vir hierdie pragtige geskenk wat jy aan Hom kan terugbring.

**GEBED**

God, U belowe dat ek sal ontvang as ek in geloof vra en glo - en dit is 'n pragtige geskenk. Dankie dat U my alles gegee het wat ek nodig het om my mosterdsaad-grootte geloof te koester tot iets wonderliks wat U kan gebruik om berge te versit. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Matteus 15:21-28*

Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon toe
vertrek. 22 ‘n Kanaänitiese vrou wat in daardie gebied gewoon het, het onverwags
by Hom aangekom. Sy het aanhoudend geroep: “Ontferm U oor my, Here, Seun
van Dawid! My dogter is in die mag van ‘n bose gees, en dit gaan sleg.” 23 Maar
Hy het haar niks geantwoord nie. Sy dissipels kom toe by Hom en vra: “Stuur haar
weg, want sy hou aan met skreeu hier agter ons.” 24 Jesus antwoord: “Ek is net na
die verlore skape van die volk Israel toe gestuur.” 25 Maar die vrou kom kniel voor
Hom en sê: “Here, help my!” 26 Hy sê vir haar: “Dit is nie mooi om die kinders
se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie.” 27 “Dit is waar, Here,” sê sy,
“maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval.”
28 “Mevrou,” sê Jesus vir haar, “jou geloof is groot. Jou wens word vervul.” Van
daardie oomblik af was die dogter gesond.

*Lukas 8:42-48*

Op pad daarheen het die mense om Jesus saamgedrom. 43 Onder hulle was ‘n vrou
wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het alles wat sy gehad het
aan dokters uitgegee, maar niemand kon haar gesond maak nie. 44 Sy het nader
gekom en van agter af aan die soom van sy klere geraak, en haar bloedvloeiing het
onmiddellik opgehou. Jesus vra toe: 45 “Wie het My aangeraak?” Toe almal ontken
dat dit hulle is, sê Petrus: “Here, die mense dring tog rondom U saam en druk
teen U.” 46 Maar Jesus sê: “Iemand het My aangeraak, want Ek het agtergekom
dat daar krag van My uitgegaan het.” 47 Toe die vrou sien Hy weet dit is sy, het sy
van angs gebewe en voor Hom kom neerval. Daar voor al die mense vertel sy Hom
toe waarom sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. 48
Toe sê Hy: “Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede!”

# WOENSDAG

LEES:
*Matteus 15:21–28; Lukas 8:42–48*

SOAP:
*Matteus 15:28; Lukas 8:48*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Matteus 15:28; Lukas 8:48*

*"Mevrou," sê Jesus vir haar, "jou geloof is groot. Jou wens word vervul." Van daardie oomblik af was die dogter gesond.*

*Toe sê Hy: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede!"*

**OORDENKING**

Hoe meer ons leer oor God en die gawes wat Hy ons gegee het, hoe meer voel dit asof ons 'n pragtige matrjosjka-pop uitpak. As jy al ooit met een gespeel het, weet jy dat hierdie Russiese nespoppe oopmaak om nog 'n pop te onthul, en dan nog een, totdat jy by die kleinste pop kom.

Ons het geleer oor God se karakter en goedheid en daarna 'n ander laag oopgemaak om die gawe van dankbaarheid te ontdek, wat dan die gawe van hoop, en nou die gawe van geloof, geopenbaar het. Elke nuwe ontdekking leer ons iets oor God, sy Seun en ons geloof. Die les van vandag beweeg ons van 'wat geloof is' na 'wat geloof doen'.

Ons geloof in Jesus en die krag van die Heilige Gees gee ons die vrymoedigheid om God te nader met die begeertes van ons hart, met die vertroue dat sy wil die regte antwoord is op wat ons nodig het. Die gevolg van daardie geloof is vrede. Wanneer ons in God glo—glo dat Hy die skepper en heerser oor alles is—kan ons vrede hê, ongeag van ons omstandighede of hoe ingewikkeld die lewe vir ons voel.

Vrede is nie 'n gevoel of 'n ervaring wat slegs tydens Kersfees gebeur wanneer ons versierings opsit wat sê: "Vrede op Aarde" nie. Vrede is die gevolg van die gawe van geloof wat God ons gegee het, en dit is 'n geskenk wat ons met ander kan deel terwyl ons vir hulle vertel waarom ons Jesus vier en opgewonde wag op sy beloofde koms.

**GEBED**

Here, dankie dat U my so mildelik elke goeie en volmaakte geskenk gegee het wat ek nodig het om in my geloof te groei en ander aan te moedig. Hoe meer ek oor U leer, hoe meer ontsag kry ek oor die diepte van U liefde vir my. Gee my die geleentheid om die rede vir my vrede hierdie Kersfees met ander te deel. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Efesiërs 6:10-20*

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle
wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die
listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar
teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen
elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God
julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die
stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op
julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur
God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig
as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê,
want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing
as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit
alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en
bid gedurig vir al die gelowiges. 19 Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my
die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan
bekend maak. 20 Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek
dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

# DONDERDAG

LEES:
*Efesiërs 6:10–20*

SOAP:
*Efesiërs 6:16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Efesiërs 6:16*

*Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.*

**OORDENKING**

In Paulus se brief aan die Efesiërs en in sy brief aan die Tessalonisense (1 Tessalonisense 5: 8–10) het hy die vroeë kerk baie duidelike instruksies gegee om hulle op hul geloofsreis te help. Hy het geweet dat hulle meer nodig het as 'n klop op die skouer en om herinner te word om 'net te vertrou'. Hierdie geloof van ons onderskei ons van die wêreld. Dit vereis volharding, standvastigheid, liefde en vertroue. Maar as dissipelmakers word ons ook tot aksie geroep.

God voorsien aan ons die volle wapenrusting om aan te trek, wat die beskerming van geloof bied. Die wapens van waarheid, vryspraak, vrede, geloof en verlossing is bedoel om in ons lewens toe te pas en daagliks te gebruik. God se Woord en gebed is noodsaaklike wapens om die leuens van die vyand te bestry. Dit is ons geloof wat ons beskerm, en God het ons al die gereedskap gegee wat ons nodig het.

Deur die gawe van geloof, het God ons toegerus om alles wat ons in hierdie wêreld tegemoet sal gaan met vertroue te navigeer, wetende dat ons geloof ons hoop, vrede en beskerming gee.

Dit is geloof in aksie. Dit berei ons voor as die krygsdogters van die Koning, gereed en bereid om vir ons siel te veg. Ons ontvang die wapenrusting en die draaiboek, en God rus ons toe om te gaan en dissipels te maak, om die lig te wees, om sy kinders met liefde te dien terwyl die vyand elke sluipaanval wat hy ken, probeer.

**GEBED**

Vader, dankie vir geloof wat beskerm en vir al die toerusting wat U my gegee het om die aanvalle en planne van die vyand te beveg. Wanneer ek in die oggend wakker word, help my om te onthou om die wapenrusting wat U vir my gegee het, aan te trek, sodat ek voorbereid en beskerm kan wees om elke dag met geloof en vertroue in U te staan. Amen.

# V R Y D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Psalm 103*

Van Dawid.

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. 2 Ek wil
die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. 3 Dit is Hy wat al my sonde
vergewe, wat al my siekte genees, 4 wat my red van die graf en my met liefde en
ontferming kroon, 5 wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige
krag van die arend skenk. 6 Die Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal
wat verdruk word. 7 Aan Moses het Hy sy wil bekend gemaak, aan Israel wat Hy
van plan was om te doen. 8 Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en
vol liefde. 9 Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly
nie. 10 Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons
ongeregtighede nie, 11 want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so
groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. 12 So ver as die ooste van die weste af is,
so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. 13 Soos 'n vader hom ontferm oor
sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. 14 Hy weet waarvan
ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is. 15 Die mens, sy lewensduur
is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan: 16 as die woestynwind
daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg. 17 Maar onverganklik is die
liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, 18
vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom. 19 Die Here het
sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal. 20 Loof die
Here, magtige engele wat sy opdragte uitvoer, sy bevele gehoorsaam. 21 Loof die
Here, alle hemelwesens wat Hom dien en sy wil doen! 22 Almal wat deur Hom
geskep is, loof die Here op al die plekke waar Hy heers! Ek wil die Here loof!

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 103*

SOAP:
*Psalm 103:8–10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Psalm 103:8–10*

*Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie*

**OORDENKING**

Soos hierdie week van Advent tot 'n einde kom, laat ons daarop fokus om God te loof vir wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het. God is goed, en Hy het ons die wonderlikste geskenk in sy seun, Jesus, gegee. Hy is nie net goed nie, maar die Psalm van vandag herinner ons daaraan dat God ongelooflik geduldig met ons is.

Dwarsdeur die Bybel lees ons verhale van gelowige mans en vroue, wat afgedwaal het, ongehoorsaam was of uitgestel het om te doen wat God hulle gevra het om te doen. Maar God wyk nooit van sy plan af nie, en Hy toon groot geduld teenoor sy uitverkore volk.

Die Psalmskrywer onthou God se groot vriendelikheid, vergifnis, genesing, bevryding, liefde, deernis, vernuwing, geregtigheid, getrouheid, barmhartigheid en geduld. God behandel ons nie soos wat ons verdien nie, maar het 'n plan van verlossing ontwerp waarvoor Hy sy Seun as die uiteindelike offer moes stuur. Jesus, die baba wat ons tydens Kersfees vier, het die sondes van die wêreld aangeneem— 'n belofte wat God oor duisende jare gemaak en gehou het.

Prys God vandag vir sy geduld in jou lewe. Onthou die kere wat Hy op jou gewag het, jou liefgehad het, jou gedra het en sy beloftes aan jou gestand gedoen het. Hierdie groot geskenk van Jesus wat ons gaan vier, is vir jou gestuur, lank voordat jy ooit sou besluit om Hom as jou Verlosser te aanvaar. Wat 'n pragtige geskenk!

**GEBED**

God, dankie dat U ongelooflik, ongelooflik geduldig met my was. Help my om hierdie geskenk hierdie Kersseisoen aan ander oor te dra, in plaas daarvan om my frustrasies of ongeduld op hulle uit te haal. Mag my lewe u karakter weerspieël vir die mense rondom my. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat moet ons volgens Hebreërs 11: 6 in plek hê om God te behaag? Waarom behaag dit Hom?

2. Beïnvloed jou geloof God se bereidwilligheid om jou gebede te verhoor? Waarom of waarom nie?

3. Jesus het baie mense in die Evangelies genees vanweë hulle geloof. Beantwoord God nog steeds ons gebede op hierdie manier? Waarom of waarom nie?

4. Hoe laat geloof jou toe om die aanvalle van die vyand te bestry?

5. Prys God vandag vir die gawe van geloof. Teken jou dankgebed op saam met 'n verklaring van jou geloof in Hom.

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 5

*My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.*

**JAKOBUS 1:2-4**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir sendelinge te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Dink hierdie week oor Jakobus 1:2–4. Waarom is dit belangrik dat jy bly is wanneer jy beproewings ervaar? Is beproewings altyd bedoel om jou geloof te toets? Waarom het ons volharding nodig in ons geloofswandel?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Psalm 16*

'n Gedig van Dawid.

Neem my in beskerming, o God; ek soek skuiling by U. 2 Ek het vir die Here
gesê: "Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U. 3 Die afgode
in die land, so aantreklik vir baie – met hulle wil ek niks te doen hê nie. 4 Mag
elkeen wat 'n ander god vereer, baie smart beleef. Vir afgode sal ek nie bloedoffers
uitgiet nie, hulle name sal ek nie op my lippe neem nie." 5 Here, U is my lewe,
U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 6 'n Pragtige deel is vir my
afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi. 7 Ek sal die Here loof wat my tot
die regte insig gebring het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer. 8 Ek
het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie. 9 Daarom is
ek bly en juig ek en voel ek my veilig. 10 U gee my nie oor aan die dood nie. U
laat u troue dienaar nie in die graf kom nie. 11 U leer my hoe om te lewe. By U is
daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is.

# MAANDAG

LEES:
*Psalm 16*

SOAP:
*Psalm 16:11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Psalm 16:11*

*"U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is."*

**OORDENKING**

Die woordeboek definieër vreugde as: "'n bron of 'n oorsaak van genot." Ek weet nie van jou nie, maar ek dink dit is 'n wonderlike definisie van Jesus! Hierdie week van ons studie gaan ons fokus op nog 'n wonderlike geskenk wat God ons gegee het—die gawe van vreugde! Vreugde is die tema van die derde week van Advent en dit is 'n tyd om die goeie nuus van die geboorte van Jesus te vier—nuus wat definitief vir ons vreugde bring!

Daar is so baie aspekte van die Kersfees seisoen wat 'n tydelike bron van genot kan wees. Flikkerende ligte, 'n vars lagie sneeu, geskenke vir vriende en familie, selfs die eenvoudige glimlag van 'n vreemdeling op 'n besige aand. Hierdie week vier ons egter 'n bron van vreugde wat ewig is! Toe God Jesus na die aarde gestuur het om die soenoffer vir ons sondes te wees, was dit 'n permanente, onveranderlike verbond wat ons weer in 'n verhouding met Hom sou bring.

Omdat God se karakter onveranderlik is, kan ons hierdie Kersfees vier, wetende dat ons vreugde gevind word in die teenwoordigheid van God, wat ons persoonlik kan ervaar deur ons verhouding met Jesus, die grootste geskenk wat ooit aan ons gegee is. Die psalmskrywer skryf dat hy absolute blydskap ervaar in die teenwoordigheid van God—dit faal nooit nie!

Wat moet jy hierdie week doen om seker te maak dat jou tyd met God heel bo aan jou lys is? Waar het al die verpligtinge van die Kersseisoen jou aandag weggeneem van die beloofde vreugde wat jy kan ervaar wanneer jy in God se teenwoordigheid rus?

**GEBED**

Hemelse Vader, dankie dat U my die gawe van vreugde gegee het. Soos ek die dae aftel tot die viering van U Seun se geboorte, help my om die rede vir my vreugde te deel met die mense wat ek elke dag ontmoet, want U Goeie Nuus is vir alle mense! Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Filippense 1*

Van Paulus en Timoteus, dienaars van Christus Jesus. Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan
God behoort, met hulle ouderlinge en diakens. 2 Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die
Here Jesus Christus! 3 Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. 4 In al my gebede bid ek altyd
met blydskap vir julle almal, 5 omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die
verkondiging van die evangelie. 6 Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle
begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom. 7 Dit is ook
heeltemal reg dat ek so oor julle almal dink, omdat julle my na aan die hart lê. Julle deel immers almal
saam met my in die genade wat God my gee, sowel in my gevangenskap as in my verdediging van die
evangelie en die bevestiging van die waarheid daarvan. 8 God is my getuie, Hy weet hoe ek na julle
almal verlang met die liefde van Christus Jesus in my hart. 9 Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer
sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, 10 sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik
aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, 11 en
deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer. 12
Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie
bevorder het. 13 Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat
dit ter wille van Christus is dat ek 'n gevangene is. 14 Deur my boeie is die meeste broers ook in
hulle vertroue op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees
te verkondig. 15 Daar is wel party wat Christus verkondig omdat hulle jaloers op my is en iets teen
my het, maar ander doen dit met opregte bedoelings. 16 Laasgenoemdes verkondig Christus omdat
hulle my liefhet en weet dat dit my taak is om die evangelie te verdedig; 17 maar eersgenoemdes maak
Christus bekend uit selfsugtige en onsuiwere bedoelings. Hulle oogmerk is om die gevangenskap vir
my nog swaarder te maak. 18 Maar wat maak dit saak? In elk geval, of dit met bybedoelings is of in
opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak, en daaroor is ek bly. En ek sal my
ook verder verbly, 19 want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die
Gees van Jesus Christus my bystaan. 20 Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks
sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid
deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, 21 want om te lewe, is vir my Christus, en
om te sterwe, is vir my wins. 22 As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek
moet kies, weet ek nie. 23 Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus
te wees, want dit is verreweg die beste; 24 maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe. 25
Omdat ek hiervan oortuig is, weet ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly, sodat julle kan
toeneem in geloof, en blydskap in julle geloof kan hê. 26 As ek weer by julle kom, sal julle oorvloedige
rede hê om Christus Jesus oor my te prys. 27 Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming
met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie,
sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die
evangelie 28 en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van
húlle ondergang en van júlle redding, en dit kom van God. 29 God het julle die voorreg gegee om
Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly. 30 Julle en ek het
dieselfde stryd wat julle my vroeër al sien stry het en waarvan julle hoor dat ek nou nog stry.

## *Jakobus 1:2-4*

My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3 want, soos
julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. 4 En die
volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige
tekortkoming.

# DINSDAG

LEES:
*Filippense 1; Jakobus 1:2–4*

SOAP:
*Jakobus 1:2–4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Jakobus 1:2–4*

*My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkominge.*

**OORDENKING**

Die lewe is ʻn gekompliseerde mengsel van goeie en slegte tye, hoogtepunte en laagtepunte, bergpieke en valleie. In ons Skrifgedeelte van vandag, skryf Jakobus aan die vroeë kerk om hulle te bemoedig dat, ongeag van watter beproewings hulle ookal in die gesig staar, daar is vreugde te vinde—en daardie selfde bemoediging is op ons ook van toepassing!

Hoe ervaar ons vreugde selfs te midde van beproewings? As gelowiges weet ons dat ons huidige omstandighede tydelik is en dat ons ʻn volmaakte woning in die hemel het wat vir ons wag. Wanneer ons ons fokus wegdraai van wat met ons en om ons gebeur, en eerder ons fokus op God plaas, kan ons kyk vir die lesse wat langs die weg geleer moet word.

Jakobus vertel ons dat die beproewing van ons geloof volharding produseer of die vermoë om met geduld te volhard. Soos ons volharding ontwikkel, word ons geloof versterk, wat tot gevolg het dat ons lewens "volmaak en sonder gebrek" is. In hierdie geval beteken volmaak nie dat ons nie foute sal maak nie of dat ons nie in die toekoms beproewings sal ervaar nie, maar dat ons geloof volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.

God het ons die gawe van vreugde gegee, wat ons in sy teenwoordighed en in ons verhouding met Jesus kan vind. Ons omstandighede is nie ons bron van vreugde nie, maar ons kan kies om ons geloof uit te leef in alle seisoene, die maklikes en die moeilikes, die goeies en die slegtes, met ʻn begeerte om meer soos Jesus te word. Dit sal ons voorbeeld in daardie uitdagende tye wees, wanneer ander sien dat ons aanhou om vreugde te vind in die beproewings, wat dalk die grootste geskenk kan wees wat ons aan hulle kan gee.

**GEBED**

Ons Vader, dit maak nie sin dat ek vreugde sal vind in beproewings nie, maar U weë is soveel beter as die weë van die wêreld. Dankie dat U vir my die gawe van vreugde en ʻn ewigheidsfokus gee wat my help om vol te hou en te groei in volharding soos my geloof versterk word. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Psalm 30*

‘n Psalm. ‘n Lied vir die inwyding van die tempel. Van Dawid.

2 Ek wil u lof verkondig, Here, want U het my gered en my vyande nie laat bly
wees oor my nie. 3 Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my
gesond gemaak. 4 Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou
toe ek al op pad was na die dood toe. 5 Sing tot eer van die Here, julle wat Hom
getrou dien,

loof sy heilige Naam! 6 Waarlik, sy toorn duur net ‘n oomblik, maar sy goedheid
lewenslank. Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer. 7 Toe dit
goed gegaan het, het ek wel gesê: “Niks sal my ooit laat wankel nie.” 8 Deur u
goedheid het U my op ‘n veilige berg laat staan, Here. Maar toe U U aan my
onttrek het,

het ek baie bang geword. 9 Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade
gesmeek: 10 “Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan?
Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig? 11 Luister, Here, en wees my genadig!
Help my, Here!” 12 Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U
het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek. 13 Daarom sal ek sing tot
u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!

# WOENSDAG

LEES:
*Psalm 30*

SOAP:
*Psalm 30:12-13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Psalm 30:12-13*

*Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek. Daarom sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!*

**OORDENKING**

Wanneer laas het jy jouself toegelaat om waarlik vreugdevol te wees? Dink aan die laaste keer wat jy jou oë toegemaak het, jou hande na die hemel gelig het, met 'n pragtige glimlag op jou gesig en jou hart vol vreugde? Jou hart was gevul met verwondering en genot en jou voete kon net nie stilstaan nie en het gedans.

Wat as jy jouself toestemming gee om vandag so voor God te kom? Vir net tien minute, laat die laste en swaarmoedigheid van die jaar voor die voet van die kruis neerval en aanbid God met vreugde. Lag, sing, dans, glimlag—laat jouself weer kind word in die teenwoordigheid van jou Vader. Vertrou dat Hy jou lofprysing verwelkom en dat Hy jou die gawe van vreugde gegee het sodat jy dit ten volle en diep kan ervaar. Nie net dit nie, maar dat God jou hartseer vir vreugde wil verruil en jou stilte vir sang!

Luister na jou gunsteling opbeurende aanbiddingsmusiek of Kersmusiek en geniet hierdie oomblik met God. Aanbid Hom vir alles wat Hy is, alles wat Hy vir jou gegee het en alles wat Hy belowe om in die toekoms te doen. Tydens Kersfees vier ons die geboorte van die Verlosser van die wêreld en God is nog nie klaar om goeie geskenke aan sy kinders te gee nie. Breek 'n oomblik weg van die besig-wees, aanbid eenvoudig vir God en ervaar die vreugde wat kom deur ten volle in sy teenwoordigheid te wees.

**GEBED**

Vader God, U alleen is ons lofprysing waardig. Dankie vir die glorieryke verruiling van my rou vir vreugde, my stilte vir sang. Vandag plaas ek my laste in u bevoegde hande en ek verruil dit gewilliglik vir die vreugde wat U belowe. Ek sal U vir ewig en altyd dank. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Johannes 16:19-24*

Jesus het gemerk dat hulle dit vir Hom wou vra, en Hy sê toe vir hulle: "Praat
julle met mekaar daaroor dat Ek gesê het: Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My
nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien? 20 Dit verseker Ek julle:
Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal bedroef word, maar
julle droefheid sal in blydskap verander. 21 'n Vrou kry swaar wanneer haar tyd
gekom het en haar kindjie gebore word. Maar wanneer die kindjie gebore is, dink
sy nie meer aan die pyn nie, so bly is sy dat daar 'n mens in die wêreld gekom
het. 22 Net so is julle ook nou bedroef, maar as Ek julle weer sien, sal julle harte
vol blydskap wees, en niemand kan julle blydskap van julle af wegneem nie. 23
Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. "Dít verseker Ek julle: Wat
julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee. 24 Tot nou toe het
julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap
volkome kan wees."

# DONDERDAG

LEES:
*Johannes 16:19–24*

SOAP:
*Johannes 16:22*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Johannes 16:22*

*Net so is julle ook nou bedroef, maar as Ek julle weer sien, sal julle harte vol blydskap wees, en niemand kan julle blydskap van julle af wegneem nie.*

**OORDENKING**

Jesus het 'n belofte aan sy dissipels gemaak wat vandag nog vir ons groot vreugde bring. Die dissipels het eenkant met mekaar gesels en Jesus het 'n vraag wat hulle hom nie direk gevra het nie, beantwoord. Jesus het aan hulle gesê dat Hy sal weggaan en weer sal kom, en hulle het gesukkel om te verstaan wat Hy bedoel het. Alhoewel Jesus gekruisig sou word en sou sterf, sou Hy terugkeer om hulle weer te sien. En Hy het! Eendag sal ons ook vir Jesus sien terugkom, maar tot daardie dag, kan ons vreugde vind in die wete dat "Beloftehouer" 'n onveranderlike eienskap van God is.

In ons Skrifgedeelte van vandag het Jesus aan die dissipels gesê dat, alhoewel hulle hartseer is omdat Hy hulle gaan verlaat, met 'n verandering in perspektief en fokus, vul daardie selfde omstandighede hulle met vreugde. Wanneer ons ons perspektief verander, kan ons hartseer in werklikheid ons vreugde word, ons rede om verblyd te wees. Die dinge wat vir ons pyn veroorsaak, word die weë wat God gebruik om blywende vreugde in ons lewens te bring.

Jesus is 'n belofte wat nagekom is. Sy geboorte, elke besonderheid daarvan, was beplan, voorspel en perfek uitgevoer sodat daar geen twyfel kon wees dat Hy die beloofde Messias is nie. Jesus se dood en opstanding het nog 'n deel van daardie belofte vervul en ons kan vreugde vind soos ons ons verbly dat geen menslike planne ooit dít wat God begin het, sal vernietig nie. Ons sal Jesus weer sien en niemand kan daardie vreugde van ons af wegneem nie!

**GEBED**

Hemelse Vader, dankie dat U elke deel van die belofte wat U gemaak het om aan ons 'n Verlosser te stuur, so sorgsaam en deurdag beplan het. Mag my vreugde in U alleen gevind word, wetende dat hartseer tydelik is, maar die vreugde ewig. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Psalm 147*

Prys die Here! Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ‘n genot om die
loflied te sing wat Hom toekom. 2 Dit is die Here wat Jerusalem weer opbou, wat
die verstrooides van Israel bymekaarbring. 3 Hy genees die gebrokenes van hart
en verbind hulle wonde. 4 Hy besluit oor die getal van die sterre en gee elkeen ‘n
naam. 5 Ons Here is groot en magtig, sy kennis is onbegrens. 6 Die Here laat die
hulpeloses weer opstaan, maar die goddeloses verneder Hy tot in die grond. 7 Sing
vir die Here ‘n danklied, sing tot eer van ons God met begeleiding van die lier.
8 Hy oordek die hemel met wolke, Hy voorsien reën vir die aarde en laat gras op
die bergland uitspruit. 9 Hy gee aan die diere hulle weiding en versorg die jong
kraaie wat om kos skreeu. 10 Die Here het niks aan die krag van ‘n perd of die
liggaamskrag van ‘n soldaat nie, 11 maar Hy stel prys op dié wat Hom dien, dié
wat hulle hoop vestig op sy trou. 12 Loof die Here, Jerusalem, prys jou God, Sion!
13 Hy het die sluitbalke van jou poorte sterk gemaak, jou inwoners geseën, 14 Hy
het in jou grondgebied vrede gegee, jou met die beste graan gevoed. 15 As Hy die
aarde ‘n bevel gee, word dit vinnig uitgevoer. 16 Hy gee sneeu so wit soos wol, Hy
strooi ryp uit soos as, 17 Hy laat dit haelstene reën. Wie is bestand teen die koue
wat Hy stuur? 18 Maar op sy bevel smelt alles weer; as Hy die warm wind laat
waai, dan loop die waters. 19 Hy maak sy woord aan Jakob bekend, sy voorskrifte
en bepalings aan Israel. 20 Dit het Hy vir geeneen van die ander nasies gedoen nie;
hulle ken sy bepalings nie. Prys die Here!

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 147*

SOAP:
*Psalm 147:1*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Psalm 147:1*

*Prys die Here! Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.*

**OORDENKING**

Die Kerstyd kan vir baie van ons 'n moeilike tyd wees. Sommige staan voor 'n eerste Kersfees sonder 'n geliefde, of afstand het dit onmoontlik gemaak om bymekaar te kom. Miskien was Kersfees 'n moeilike seisoen toe jy grootgeword het en die tradisies en aktiwiteite bring net ontmoedigende herinneringe terug.

As 'n deel van jou hart vandag stukkend voel, laat ons Skrif 'n teer herinnnering daaraan wees dat God daar is om jou te gees te genees en te herstel, net soos Hy lank gelede daar was vir die Israeliete. Die einste God wat elke ster in die lug geskep, getel en benoem het, ken jou naam. Jy is pragtig geskape na sy beeld, en daar is geen deel van jou verlede, hede of toekoms waarvoor Hy nie omgee nie.

Dit is goed om lofliedere te sing oor God! Dink aan al die gawes waarvan ons tot dusver in hierdie Adventstudie geleer het, en al die maniere waarop God vir jou omgee. Dit is goed om God te loof vir hierdie dinge, want dit help om ons gedagtes op te hef en ons fokus te verander. As ons voel dat die druk van die vakansie te groot is, neem 'n rukkie om na te dink oor die dinge wat goed en lofwaardig is (Filippense 4:8).

Lof is aangenaam en gepas. Dit eer God en is ook goed vir ons harte. As God se uitverkore volk het ons die voorreg om uitgenooi te word om met vrymoedigheid voor sy troon te kom. Kom ons spandeer vandag die tyd in lofprysing!

**GEBED**

God, U ken my beter as wat ek myself ken. Dankie dat U naby is as ek hartseer is, my vertroos wanneer ek U die nodigste het en my nooit verlaat nie. Dit is 'n gawe om u heilige naam te kan loof. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom word vreugde in God se teenwoordigheid gevind? Watter emosies ervaar jy wanneer jy tyd saam met God deurbring?

2. Hoe kan jy vreugde vind in beproewings? Hoe lei beproewings tot volharding in jou geloof?

3. Het jy al beleef waarvan die Psalmdigter in Psalm 30: 11–12 praat? Was daar 'n tyd in jou lewe dat God jou klaaglied in vreugde verander het?

4. As jy in Christus is, kan niemand en niks jou van jou vreugde ontneem nie. Hoe vertroos hierdie waarheid jou?

5. Wat het jou hierdie week vreugde verskaf? Prys God vandag vir hierdie dinge.

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 6

*En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

**FILIPPENSE 4:7**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jouself te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

In Filippense 4:6–8, sê Paulus vir sy lesers dat die vrede van God oor ons harte en gedagtes sal waghou in Christus Jesus. Hoe help die rig van ons gedagtes op wat waar, edel, reg, rein, mooi of prysenswaardig is, ons om oor ons harte en gedagtes wag te hou? Neem hierdie week tyd om jou gedagtes te evalueer en fokus op dinge wat met hierdie lys ooreenstem.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Kolossense 3:12-17*

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

# MAANDAG

LEES:
*Kolossense 3:12–17*

SOAP:
*Kolossense 3:15*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Kolossense 3:15*

*En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.*

**OORDENKING**

Soos ons ons laaste week van ons Adventstudie begin en Kersdag nader kom, voel dit gepas dat ons tyd bestee om vrede te bestudeer. Ons lees in die verslag van Jesus se geboorte in die Evangelie van Lukas dat die herders besoek is deur ’n engel en ’n groot hemelse leër wat sing: “Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde onder mense wat hom behaag!” (Lukas 2:14). Terwyl herders en wyse manne geskenke aan Jesus gebring het, het Hy vir ons die gawe van vrede gebring.

Hierdie vrede is nie ’n gevoel nie, maar ’n daaglikse keuse om Christus in beheer van ons harte te plaas. Elke oggend word ons opgeroep om ’n baie spesifieke uitrusting aan te trek: barmhartigheid, vriendelikheid, nederig, sagmoedigheid, geduld, vergifnis en liefde (Kolossense 3:12-14). Dit is die uiterlike bewys van wat God in ons harte doen, en as ons kies om hierdie eienskappe en gedrag uit te leef, kan ons mense wees wat in vrede met ander leef.

Sodra ons onsself in hierdie deugde beklee het, kan ons vasstaan in ons geloof wanneer ons die woorde van Kolossense 3:16 uitleef: “Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.” Om in vrede met ander gelowiges te lewe, vind die beste plaas wanneer ons saam daaraan werk, mekaar aanspreeklik hou vir ons tyd in die Woord, wanneer ons deel wat God in ons lewens doen, wanneer ons mekaar aanmoedig en as ons saam God loof.

Ons word geroep om ambassadeurs van Christus te wees wat die wêreld wys hoe vrede op aarde werklik kan lyk. Hoe kan jy hierdie vrede hierdie week met ander deel?

**GEBED**

God, dankie vir die groot geskenk van Jesus en die vrede wat Hy vir elkeen van ons beskikbaar gestel het. Help my om elke dag te kies om my te beklee met die deugde en gedrag wat U eer en ander aanmoedig om in vrede te lewe. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Filippense 4:2-9*
Ek vermaan vir Euodia en ek vermaan vir Sintige om eensgesind te wees in die
Here. 3 Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker, wees hierdie vroue behulpsaam.
Hulle het saam met my die stryd gevoer in diens van die evangelie, net soos
Klemens ook en my ander medewerkers, wie se name in die boek van die lewe
staan. 4 Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5 Wees inskiklik teenoor
alle mense. Die Here is naby. 6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles
julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En
die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes
die wag hou in Christus Jesus. 8 Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel
is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig
is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle
gedagtes rig. 9 En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het,
dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.

# DINSDAG

LEES:
*Filippense 4:2–9*

SOAP:
*Filippense 4:6–8*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Filippense 4:6-8*

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.*

**OORDENKING**

Het jy al ooit gewonder hoekom dit so moeilik is om te verander hoe ons oor dinge dink—oor ons lewens, ons omstandighede en onsself? Die Skrif sê vir ons dat ons woorde 'n uitvloei van ons harte is (Lukas 6:45). Hoe ons praat, met ander en met onsself, weerspieël wat in ons harte is. Ons gedagtes volg ons harte, en ons woorde volg ons gedagtes. Miskien het jy dit so gehoor: vullis in, vullis uit.

Wanneer dit by ons geloofslewe kom, dra harte wat gevul is met God, genade en die evangelie, goeie vrugte in gedagte, woord en daad. Harte wat gefokus is op die verwagtinge en eise van die wêreld, sal slegte vrugte afwerp. Deur verlossing en met God se hulp kan ons, soos dit in Romeine 12:2 sê, verander word deur die vernuwing van ons gedagtes.

En daardie transformasie kan die verskil maak tussen oorleef en floreer. Daar is gesê dat Satan ons nie hoef te vernietig nie, ons net af te lei om ons te weerhou van die planne wat God vir ons het. Watter beter manier as om ons af te lei met die geraas van die wêreld, ons harte en gedagtes te vul met alles wat ons dink ons moet doen, maar dan die vervullende werk wat God vir ons het, misloop?

Die wetenskap vertel ons dat ons gedagtes patrone in ons brein skep wat die landskap van ons brein, selle en gene verander. Soos gedagtes kom, skep hulle paaie wat gewoontes skep. Wetenskap en die Skrif stem egter saam dat ons ons gedagtes kan verander! Met God kan ons die rigting van ons gedagtes verander. Dit is nie onmoontlik nie, maar ons kan dit nie op ons eie doen nie. Al die angstige gedagtes moet afgebreek word om plek te maak, sodat ons by Jesus kan bly en sy koninkryk met vertroue en vrede kan dien.

**GEBED**

God, dankie dat U my 'n manier gegee het om my gedagtes te verander sodat my gedagtes sal fokus op dinge wat waar en prysenswaardig is. Help my om 'n gewoonte van gebed te ontwikkel, sodat my bekommernisse en angstige gedagtes vrede in U teenwoordigheid kan vind. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Jesaja 26:3*
Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel.

## *2 Korintiërs 1:3-11*
Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die
Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. 4 In
elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in
allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging
waarmee God ons bemoedig, 5 want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding
is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur
Christus. 6 As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan
word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk, sodat
julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur. 7 En wat julle
betref, het ons 'n vaste verwagting: ons weet dat net soos julle saam met ons deel
het aan die lyding, julle ook aan die bemoediging deel het. 8 Ons wil hê, broers,
dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind
het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs
die hoop om te bly lewe, laat vaar het. 9 Trouens, dit het vir ons gevoel asof die
doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op
onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe. 10 Dit
is Hy wat ons uit so 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom
is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red. 11 Daartoe werk julle mee deur
vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en dan sal
baie Hom vir ons dank.

# WOENSDAG

LEES:
*Jesaja 26:3; 2 Korintiërs 1:3–11*

SOAP:
*Jesaja 26:3*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Jesaja 26:3*

*Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel.*

**OORDENKING**

Ons het in ons studie geleer dat God goed, konsekwent en onveranderlik is. Ons God is ook regverdig en die profeet Jesaja het harde woorde gehad vir diegene wat die verbond wat God met sy volk gesluit het, sou teëstaan. Vir diegene wat getrou bly, belowe God vrede en veiligheid.

In hoofstuk 26 verskuif Jesaja ons aandag vanaf die omstandighede van die gevalle wêreld rondom ons, terug na die volmaakte koninkryk van die hemel. Alhoewel ons dit nog moet sien, kan ons berusting vind in die wete dat God sal doen wat Hy sê Hy sal doen: ons God sal oor alles regeer. Maak nie saak wat in ons wêreld, in ons gemeenskappe of in ons gesinne gebeur nie, God sal die finale oorwinning behaal.

Met Kersfees vier ons die koms van Jesus, ons Verlosser, as ‘n baba gebore uit ‘n maagd, beide God en mens. Die verhaal is maar net die begin, want ons leef met ‘n heilige verwagting van Christus se wederkoms—nie as ‘n baba nie, maar ons Verlosser.

Soos ons geloof meer standvastig word en ons aan die gawes en beloftes van God vashou, sal ons vrede ervaar, ongeag ons omstandighede.

**GEBED**

God, U is my rots en my vaste fondament. Wanneer ek veiligheid en vrede soek, mag ek dit vind in U teenwoordigheid, ongeag my omstandighede. Dankie vir hierdie gawe van vrede en dat U altyd U beloftes nakom. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Jesaja 9:5*

Vir ons is ‘n Seun gebore, aan ons is ‘n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

*Johannes 14:27-31*

“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie. 28 Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is. 29 En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur. 30 Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie, 31 maar die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het. “Staan op, laat ons hiervandaan weggaan.”

# DONDERDAG

LEES:
*Jesaja 9:6; Johannes 14:27–31*

SOAP:
*Johannes 14:27*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Johannes 14:27*

*Vrede laat ek vir julle na, my vrede gee Ek aan jull. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.*

**OORDENKING**

God, ons groot Gewer, het ons die wonderlikste geskenk gegee toe Hy sy Seun aarde toe gestuur het as ons Verlosser. In sy groot barmhartigheid en wysheid bly God aan ons goeie en volmaakte gawes gee, nie net vir vandag nie, maar vir ons toekoms.

Op hierdie punt in die Evangelie van Johannes het die dissipels het nog nie die volheid besef van wie Jesus op hierdie stadium was nie. Hulle het gesukkel om te verstaan waarvan Jesus praat toe Hy gesê het dat Hy sou vertrek om vir hulle ‘n plek te maak in die huis van sy Vader. Dit is as gevolg van wat Jesus aan die kruis sou doen dat die dissipels en almal wat in Jesus glo, nie meer van God geskei sou word nie.

Benewens hierdie wonderlike geskenk, het Jesus ook belowe om ‘n Helper, of die Heilige Gees te stuur om vir ewig by ons te wees. Dit is slegs deur die geboorte, dood en opstanding van Christus dat ons toegang tot die Helige Gees, toegang tot God, toegang tot die bronne van die hemel, ‘n oorvloedige lewe op aarde en ‘n ewige lewe in die hemel kan hê! Jesus belowe ook vrede, nie net vir die tyd toe die dissipels fisies by Hom was nie, maar vrede vir elkeen van ons. Hierdie vrede sal vir ewig duur.

**GEBED**

God, dankie vir die gawe van vrede wat U my gegee het, vrede vir vandag en vir die toekoms. Ek is so dankbaar dat U nie gee soos die wêreld gee nie; U geskenke is presies wat ek nodig het, nie net wat ek wil hê nie. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Psalm 113*

Prys die Here! Prys, dienaars van die Here, prys die Naam van die Here! 2 Die
Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd. 3 Van waar die son opkom
tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word! 4 Hoog bo al
die nasies heers die Here, sy mag strek selfs oor die hemele. 5-6 Wie in die hemel
of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles
sien? 7 Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af
opstaan 8 om hom by vernames te laat sit, by die vernames van sy volk. 9 Aan die
kinderlose skenk Hy 'n huisgesin, sy word 'n gelukkige moeder van kinders. Prys
die Here!

## *Lukas 1:46-55*

En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, 47 ek juig oor God, my
Verlosser, 48 omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal
elke nuwe geslag my gelukkig noem, 49 omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan
my gedoen het. Heilig is sy Naam! 50 Hy bewys ontferming van geslag tot geslag
aan dié wat Hom eer. 51 Kragtige dade het Hy met sy arm verrig: hoogmoediges
in hulle eiewaan het Hy uitmekaargejaag; 52 maghebbers het Hy van trone afgeruk
en geringes verhoog; 53 behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met
leë hande weggestuur. 54 Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan
sy beloftes van ontferming 55 soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders, aan
Abraham en sy nageslag tot in ewigheid."

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 113; Lukas 1:46–55*

SOAP:
*Psalm 113:1–2*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Psalms 113:1–2*

*"Prys die Here! Prys, dienaars van die Here, prys die naam van die Here. Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd."*

**OORDENKING**

Vandag is 'n dag vir groot viering! Ons Verlosser het gekom—die Koning van die konings en die Heer van die here! Ons Verlosser is gebore en ons kan saam met die engele in die hemel Sy lof besing. Prys die Here voordat die geskenke oopgemaak word, voordat die kersliedere gesing word, want Hy alleen is waardig.

Prys God vir die gawes van hoop, geloof, vreugde en vrede wat Hy ons gegee het. Prys Hom vir die glorieryke gawe van sy Seun, Jesus. Prys Hom vir alles wat Hy gedoen het en vir sy Woord wat vertel van sy goedheid, barmhartigheid en liefde. Prys God vir alles wat Hy in jou lewe gedoen het, sing vir Hom van die verhaal wat Hy in jou lewe geskryf het. Prys Hom vir die maniere waarop Hy jou gered het, jou gehelp het, beskerm het, liefgehad het, jou genees het, verlos het en jou hartseer verruil het vir vreugde.

Prys God dat Hy ons so liefhet dat Hy oor duisende jare, in die lewens van ontelbare mans en vroue enige iets sou doen om sy plan vir ons redding perfek te laat uitwerk. Prys Hom dat die verlossing wat Hy bied 'n geskenk is, nie iets wat ons kan verdien of waarvoor ons kan werk nie, maar 'n geskenk wat vrylik gegee word.

Prys Hom, net soos Maria, "omdat die magtige groot dinge vir my gedoen het en sy naam Heilig is" (Lukas 1:49). Wees bly, liewe vriende! Ons vier vandag die geboorte van Jesus— die grootste geskenk wat ons goeie en volmaakte Gewer gegee het.

**GEBED**

Almagtige God, al u gawes is goed en volmaak. Dankie dat U u Seun gestuur het om ons te red en dat U elkeen die geleentheid gebied het om u gratis gawe van verlossing te aanvaar. Dankie vir die gawes van hoop, geloof, vreugde en vrede wat U ons gegee het – geskenke vir vandag en vir ewig. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Is die vrede van Christus in jou hart in beheer? Hoe kan jy toelaat dat hierdie vrede beheer het oor jou hart, jou verstand en jou lewe?

2. Hoe beskerm God jou? Hoe bring dit vir jou vrede om te weet dat Hy jou veilig hou?

3. Wat beteken dit dat Christus vir jou sy vrede gegee het?

4. Hoe bewaar die vrede van Christus jou om nie benoud te raak of ontmoedig te wees nie?

5. Hoe het jy hierdie week die vrede van God ervaar? Prys Hom vandag vir sy vrede.

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *God het jou lief.*
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir ‘n groot doel geskape.

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Johannes 3:16).

### *Ons sonde skei ons van God.*
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Romeine 3:23).

### *Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.*
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Romeine 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Romeine 5:8).

### *Jesus leef!*
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:2-3).

### *Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.*
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek 'n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as ‘n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord ‘n prioriteit in hulle lewens te maak.

## *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

## *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

## *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van ‘n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir “Love God Greatly” sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy ‘n deelgenoot met ons is!

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybel Leesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toep
Meer as 200 Lande Bedien

Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogs per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse

Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Leesplan Tussen Studies

### *Ander Studies*

Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou,
Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs

Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd